

Famile-geskiedenis van 'n
DE BEER-STAMLYN IN SUID-AFRIKA
oor drie honderd jaar



FAMILIE-GESKIEDENIS
van 'n
DE BEER-STAMLYN IN SUID-AFRIKA
oor
DRIE HONDERD JAAR


deur G C de Beer

kerstees 2003

Aan Pa

Ons het sekerlik die mees volledig
gedokumenteerde stamlyn in Suid-Afrika
en Kanada. Dankie daarvoor - en vir
die voorbeeld van deursettingsvermoë.
Geseënde kerstees 2003

FRIG EN JAN (9de geslag)



**Die skrywer Gieliam Christoffel de Beer
gebore 17 Junie 1929**

'n Woord vooraf -

Met die verskyning van DIE DE BEER-FAMILIE - DRIE EEUE IN SUID-AFRIKA in Junie 2000, deur David W de Beer en Jaleen de Beer, is 'n mylpaal bereik met die byeenbring van navorsing deur verskeie navorsers oor die nageslag van stamvader Matthys Andries de Beer wat in 1698 na Suid-Afrika gekom het.

Duisende De Beers se stamlyne is in hierdie publikasie deurgetrek van die stamvader se aankoms in Suid-Afrika tot vandag, en 'n magdom waardevolle inligting oor die De Beers verskyn in die eerste deel van die boek.

Om die voorouers in my geslagslyn meer as name, geboorte- en sterfdatums in 'n geslagsregister te maak, het ek besluit om met behulp van my eie en ander se navorsing iets meer oor hulle as mense, en die tyd waarin en omstandighede waaronder hulle gelewe het te vertel, en derhalwe hierdie familiegeskiedenis.

Aan almal wat my gehelp het – op watter manier ookal – om hierdie familiegeskiedenis saam te stel, my opregte dank.

Giel de Beer

8 November 2001

VOORWOORD

In ons vertakking van die De Beer-familie word nuuskierigheid oor die geskiedenis - van onself en ons mense - met moedersmelk en aan vadersknie aan ons kinders oorgedra. Ek onthou die ontstaan van hierdie famieliegeskiedenis ver terug in die vroeë sewentiger jare van die vorige eeu. Ons het altyd ou familiemeubelstukke in die huis gehad. Pa het van die meubels gerestoureer en ma het dan soos 'n bytjie om hom gezoem met eet- en drinkgoed. Die praat oor en opskryf van waar die erfstukke vandaan kom en hoe dit behoue gebly het, was deel van die restourasieproses.


Van die erfstukke af het die belangstelling oorgegaan na die mense aan wie dit behoort het. Ek onthou nie waarom pa die familiegeskiedenis nagevors het nie, maar herinner my tog dat ek as opgeskote seun een aand aan die eettafel vir hom gevra het of ons familie is van die De Beer na wie die De Beers-diamantmaatskappy vernoem is. Hy het nie geweet nie - en ek dink tog dat my nuuskierigheid die begin was van sy familienavorsing. Ek onthou wel die baie ure wat hy aan hierdie taak bestee het, die korrespondensie en gesprekke met familielede en ander mense wat elk 'n stukkie inligting vir die legkaart kon voorsien. Die ooms, tantes, neefs en niggies het gewillig foto's, dokumente en ou briewe versamel en aangestuur.

Na jare se navorsing verskyn pa se eerste optekening van die familiegeskiedenis in 1978 as FREDERIK EN HESTER DE BEER VAN WITFONTEIN. Die oplaag van sowat 100, as ek reg onthou, was baie gewild onder die nageslag van oupa en ouma De Beer van Witfontein.

In 1985 verskyn pa se verdere navorsing in 'n omvattender werk MATTHYS EN MARIA DE BEER VAN GARSFONTEIN. Baie van die inligting hierin is opgeneem in Suid-Afrikaanse Geslagregisters (deel 1), uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur JA Heese en RJT Lombard, 1986, asook in Die DE Beer-familie - Drie eeue in Suid-Afrika - deur David W de Beer en Jaleen de Beer, Junie 2000.

Hier is nou uitgebreide navorsing oor die voorouers van 'n De Beer-geslagslyn in Suid-Afrika. Dr. Anton Rupert het gesê dat nasionale monumente ons kaart en transport op Suid-Afrika verteenwoordig. Hierdie verslag van pa is ons DE Beers se geboortesertifikaat in Suid-Afrika.

Frik de Beer (negende geslag)
Professor, Unisa
17 Junie 2002



'n Kunstenaarsvoorstelling van die seilskip waarmee Matthys Andries de Beer in die Kaap aangekom het in 1698.

INHOUD

Stamouers in Suid-Afrika:	Matthys Andries de Beer getroud 24-10-1705 met Hilletje Smit	1
Tweede geslag:	Matthys de Beer getroud 03-09-1747 met Maria van Eeden	5
Derde geslag:	Frederik Coenraad de Beer getroud 01-07-1786 met Maria Magdalena v.d. Berg	9
Vierde geslag:	Frederik Coenraad de Beer getroud 29-12-1811 met Johanna Catharina v.d. Berg	11
Vyfde geslag:	Matthys Johannes de Beer getroud in 1843 met Maria Adriana Vermeulen	15
Sesde geslag:	Matthys Johannes de Beer getroud 08-09-1873 met Anna Magdalena Oosthuizen	21
Sewende geslag:	Frederik Coenraad de Beer getroud 05-06-1907 met Hester Susanna v.d. Berg	35
Agste geslag:	Gieliam Christoffel de Beer getroud 07-04-1951 met Martha Magdalena Petronella Knowles	51
Negende geslag(1)	Frederik Coenraad de Beer getroud 14-02-1976 met Linda Keulder	74
(2)	Jan Louis de Beer getroud 23-02-1980 met Elizabeth Rencia Maria Kotze	75
Tiende geslag (1)	Kinders van Frederik en Linda de Beer: Marliane de Beer, Gieliam Christoffel de Beer, Matthys Andries de Beer	76
(2)	Kinders van Jan en Elizabeth de Beer: Gieliam Christoffel de Beer, Hanelize de Beer	77
Bylaes		78
Bronne		109

DIE STAMOUERS IN SUID-AFRIKA

Stamvader

Matthys Andries de Beer het in 1698 in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in die Kaap aangekom, onder voorwaarde dat hy vyf jaar diens moes doen as soldaat. Sy naam verskyn die eerste keer in die lys van "Militairen" van 1699, en volgens die boeke van die Kompanjie het hy van Lubeck in Laer Sakse gekom waar Platduits die spreektaal was.

Toe Matthys in Tafelbaai aangekom het, was die Kaap 'n klein plekkie met Heerengracht (die huidige Adderleystraat) en Keysersgracht (die huidige Darlingstraat) die vernaamste strate. Die hele bevolking het uit sowat 'n duisend mense bestaan. Op die lande was wingerdstokke geplant, en die wyn wat van die druiwe gepars is, is aan verbygaande skepe verkoop.

Wanneer 'n skip in die hawe aangekom het, het die boere dorp toe gekom om hulle produkte aan die skepe te verkoop, en om porseleinware en sy van die Ooste en Nederland af te koop.

In 1699 het 'n belangrike gebeurtenis in die Kaap plaasgevind toe goewerneur Simon van der Stel se seun Willem Adriaan, sy vader as goewerneur opgevolg het.

Met toestemming van die Kompanjie het Matthys van 10 Augustus 1702 tot 31 Mei 1703 as skrynwerker by Andreas Finger gewerk vir dertien guldens (Nederlandse geldeenheid gelyk aan 100 Nederlandse sente) per maand. Sy werkgever moes "spys en drank" en huisvesting verskaf. Matthys was egter nog onder verpligting by die Kompanjie en as 'n noodtoestand sou ontstaan, kon hy opgeroep word vir diens.

'n Stukkie grond van bietjie meer as twee hektaar met die naam *Oranje*, in die distrik Drakenstein, is op 13 November 1703 deur die goewerneur aan Matthys toegeken. Hiervandaan het 'n mens 'n pragtige uitsig gehad oor die area vanaf Wellington tot by die begin van die Drakensteinvallei waardeur die Bergrivier kronkel. Wilde diere was nog volop in hierdie gebied.

In 1705 het Matthys burgerreg van Stellenbosch ontvang en van toe af was hy vry om 'n betrekking op te neem of sy eie onderneming te begin. Van die verpligting om diens in die burgermag te doen en belasting te betaal, was hy egter nie vrygestel nie.

Burgers wat hulle eie ambag wou ontwikkel of 'n onderneming begin, het uit verskeie bronne geldelike hulp ontvang. So het Matthys wat die beroep van wamaker beoefen het op 24 September 1705 'n lening van 150 gulde van heemraadslid Pieter van der Bijl ontvang, en later ook 'n lening van 200 gulde van die trustees van die "Diaconie van Stellenbosch".

Die wamakers het verskeie binnelandse houtsoorte gebruik. Die vellings is van rooi-els of wildesering gemaak, terwyl assegaaihout vir die speke en die sagter hout van die waboom vir briekblokke gebruik is.

In 'n verwysing na "vry-wagenmaker" MA de Beer, gedateer 29 September 1705, word melding gemaak van toestemming wat gegee is vir twee vragte "wagenmakershout" wat by Jan de Jonkershoek gekap kon word. 'n Soortgelyke permit is op 13 Februarie 1706 aan Matthys toegestaan vir drie vragte timmerhout en twee vragte wamakershout.

Matthys het op hierdie tydstip van sy lewe waarskynlik selfstandig gevoel en daaraan begin dink om te trou.

Stammoeder

Volgens 'n inskrywing in die huweliksregister van die gemeente Stellenbosch is Matthys op 24 Oktober 1705 getroud met Hilletje Smit, dogter van Jan en Adriana Smit wat in 1687 van Maastrich, Nederland, na die Kaap gekom het.

In 1685 het goewerneur Simon van der Stel besluit om 'n dorp in die Eersteriviervallei aan te lê en dit na homself te noem: Stellenbosch. 'n Aantal jare daarna is 'n klompie nedersettinghuise hier gebou vir mense wat 'n diens aan die gemeenskap gelewer het, soos ambagsmanne, die predikant, onderwysers, ens. Matthys en Hilletje het op 23 November 1705 toestemming gekry om in een van hierdie huise te gaan woon. Die huurgeld was 27 riksdaalders (ongeveer R10.80) per maand. Matthys en sy jong bruidjie (15 of 16 jaar oud) het tot 1707 in dié huis gebly.

Die jaar wat Matthys en Hilletje getroud is, het daar beroeringe in die gemeenskap ontstaan deurdat die mense ontevrede was met hulle goewerneur, Willem Adriaan van der Stel. Onder leiding van Adam Tas het die mense die goewerneur teengegaan. Toe die konflik sy hoogtepunt bereik het, het Van der Stel offisiere van Stellenbosch en Drakenstein se burgermag ontslaan en hulle deur ander vervang. Dis toe dat Matthys op 6 Oktober 1706 aangestel is as korporaal van Stellenbosch se infanterie.

Die aanstelling as korporaal (veldkornet) was 'n ereposisie en was onbetaald. Matthys is deur die "Landdrost en Heemraden" gekies weens sy gedrag en integriteit. Hy was verantwoordelik vir wet en orde in die gebied en het verskillende pligte gehad. Al voordeel wat hy daaruit gekry het, was dat hy vrygestel was van belasting.

Volgens die sensusrekords het die De Beers gedurende 1708-1709 in Drakenstein gebly. Hulle is in 1710 terug na Stellenbosch waar 'n vernietigende brand op 17 Desember uitgebreek en die grootste deel van die dorp verwoes het. Kort daarna het hulle nog 'n ramp beleef toe 'n pokke-epidemie uitgebreek het waarin omtrent 'n kwart van die mense uitgewis is. Matthys en Hilletje het 'n seuntjie Samuel (2 jaar oud) en 'n dogtertjie Helena (3 jaar oud) aan die dood afgestaan.

Op 21 November 1718 het die "Raad van Landdrost en Heemraden" 'n bedrag geld aan Matthys betaal vir 'n voetbrug van hout wat hy oor "Botmasdrift" op die plaas Welgevallen gebou het.

Argiefstukke toon dat Matthys gedurende 1723 en 1724 op 'n plek was met 9000 wingerdstokke. Aangesien plaasname nie in die vroeë belastingopgawes aangegee word nie, is dit nie bekend of hulle op sy "plasie" *Oranje* was nie. Hierdie stukkie grond het Matthys op 28 September 1724 aan J Roux verkoop.

Matthys is in 1730 oorlede. Hy het sy vrou en sewe kinders tussen die ouderdomme van sestien jaar en een jaar nagelaat. Hy was vermoedelik ongeveer 56 jaar oud. Van toe af moes Hilletje alleen die verantwoordelikhede van die gesin dra.

Die kinders se peetouers was hoofsaaklik lede van die Smit-familie en hulle vriende, byvoorbeeld Andreas Krügel en Maria Ras wat in die Paarl geboer het en Jürgen Hanekom van Natte-vallei.

Mettertyd is die seuns en dogters getroud en het hulle eie huishoudings begin. Die seuns het toesighouers op plase geword. Hilletje het in dié jare blykbaar by haar seun Zacharias en sy gesin ingewoon.

Toe Hilletje 60 jaar oud was, is die "huis, erf en tuinland" in Ryneveldstraat, Stellenbosch, aan haar toegeken op 12 Oktober 1750. Die kleremaker Johann Zorn het langs haar gewoon tot 1754. Sy vrou is in 1755 oorlede, en twee jaar later is hy met Hilletje getroud. Hulle het in Ryneveldstraat, Stellenbosch, gewoon tot Hilletje se dood op 16 Desember 1759 toe sy 69 jaar oud was.

KINDERS VAN DIE STAMOUERS

Helena	gedoop 1710	oorlede 1713, pokke-epidemie
Samuel	gedoop 1711	oorlede 1713, pokke-epidemie
Samuel	gedoop 1714	
Maria Elizabeth	gedoop 1716	
Zacharias	gedoop 1719	
Matthys	gedoop 1721	
Hilletje	gedoop 1724	
Johanna Adriana	gedoop 1727	
Johannes Jürgen	gedoop 1729	

Die kinders van stamvader Matthys Andries de Beer en Hilletjie Smit

DIE TWEEDE GESLAG

Matthys en Maria de Beer

Volgens die doopregister is Maria op 20 November 1729 gedoop, dus was sy agttien jaar oud toe hulle getroud is. Haar sterfdatum is nie bekend nie. Matthys is op 6 Julie 1784 oorlede in die ouderdom van 63 jaar, vermoedelik op die plaas "De Buffelsvallei gelegen aan de Winterberg".

Die stamouers Matthys en Hilletje het nege kinders gehad. Hulle sesde kind, Matthys, is volgens die doopregister op 8 Junie 1721 te Stellenbosch gedoop. Toe sy vader in 1730 oorlede is, was hy skaars nege jaar oud, en sy broers en susters se ouderdomme het van een tot vyftien jaar gewissel. Gedurende die jare wat die kinders opgegroeï het, is daar niks oor hulle bekend nie.

Volgens inskrywings in die "Generale rolle der paden, wegen en driften van Stellenbosch" gedateer 1742 en 1752 was Matthys se ouer broer Zacharias en sy jonger broer Johannes "opsienders" (voormanne) van die "Caabse pad". Volgens argiefstukke was Matthys tamboerslaner van die Drakenstein Dragonders onder kaptein Gerhard van der Bijl.

Matthys is op 3 September 1747 getroud met Maria van Eeden, die dogter van Frederik en Hendrina van Eeden. Maria se grootvader Jan van Eeden het reeds in 1662 na die Kaap gekom.

Gedurende die tyd toe Matthys en Maria getroud is, het grond waarop landbou en veeboerdery beoefen kon word, skaars geword in die gevestigde gebied. Die regering het dus besluit om leenplase in die binneland beskikbaar te stel waar weiding vir skape en beeste volop was. Matthys en sy broer Johannes het 'n blinker toekoms daarin gesien om die berge oor te steek en na die binneland te trek met hulle vee, aangesien veeboerdery 'n vinniger omset as landbou gebied het. Dit het ook die voordeel gehad dat hulle grond vir drie maande kon huur voordat hulle besluit of hulle dit langer wou huur of nie. Die jaarlikse huurgeld moes hulle aan die Kompanjie betaal.

In 1756 het Matthys sy wa gepak en die waspore na die noorde gevolg. Hy het weidingsregte gekry op die plaas "Gunstfontein Overschotse-kloof" in die Roggeveld, wat deel van die Drakensteindistrik was. Terselfdertyd het hy ook toestemming gekry om sy vee by "Hattingskloof" in die Roggeveld te laat wei. Sy jonger broer Johannes het reeds twee jaar tevore na dieselfde omgewing uitgewyk. Die twee broers het met perde, beeste en skape geboer. Die boere in hierdie afgesonderde gebiede het baie struikelblokke ondervind. Die strawwe klimaat van die Roggeveld met baie koue winters en langdurige droogtes, die veekuddes wat beskerm moes word teen jagluiperds wat uit die berge gekom het en Boesmans wat vee kom buit het. Hierdie toestand asook die behoefte om nuwe weiding vir die diere te vind, het meegebring dat baie boere van plek tot plek getrek het, en hulle het dan ook met verloop van die tyd die benaming "trekboere" gekry.

In 1762 het die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aangekondig dat meer leenplase oopgestel is vir landbou en weiding by Swarteberg. Die gevolg was dat baie boere die klipperige Karoo sak en pak verlaat het, en na die nuut oopgestelde deel van die land getrek het.

Matthys en sy familie het hulle op 12 Februarie 1762 by Swartrivier aan die anderkant van die Leeuwenrivier gevestig. Hierdie plaas het hy op 11 Oktober 1768 verlaat.

'n Brief wat Matthys op 20 Augustus 1780 aan "veldkorporaal" A P Burger geskryf het, het bewaar gebly, en daaruit blyk dit dat hy op daardie tydstip van sy lewe (minder as vier jaar voor sy dood) in benouende omstandighede verkeer het. Die brief hieronder in Matthys se handskrif, het die volgende strekking: *In verband met die kommando weet ek nie wat om te doen nie. My perd is so swak dat hy skaars kan loop, en kos vir veertig dae het ek ook nie en ek weet ook nie waar om te kry nie; anders moet ek vir u 'n man stuur. Ek het ook nie kruit nie en ek vra u hulp en raad. U het seker nie gehoor hoe ek by my huis gekom het nie.*

An den velt korporaal Andries Petrus
 Bürger geagte neef angaande de konnando
 is mijn raat op y mijn poarde is losleg
 Dat sy byna niet meer kan leeren en los
 Voor veertig daagen heb ik niet en raet en
 ook niet en te kennen anders Sois ik een
 man stouren knuigt heb ik ook niets
 meer ik verboek om raat en dait hoe ik
 hier te knuigt gekoomen den saluene
 gehoot hebben verbleijne in E neef
 wat getekent
 Matthys de beer
 Den 20 august
 1780

Matthys en Maria het dertien kinders gehad, waarvan 'n seun Gerhardus en 'n dogter Dina 'n tweeling was. 'n Dogter Maria is waarskynlik jonk dood.

Volgens die doopregister is Maria op 20 November 1729 gedoop, dus was sy agtien jaar oud toe hulle getroud is. Haar sterfdatum is nie bekend nie. Matthys is op 6 Julie 1784 oorlede in die ouderdom van 63 jaar, vermoedelik op die plaas "De Buffelsvallei gelegen aan de Winterberg".


KINDERS VAN DIE TWEEDE GESLAG

Hilletje Magdalena	gedoop 1.10.1748
Hendrina Johanna	gedoop 29.3.1750
Maria Elizabeth	gedoop 6.8.1752
Maria Elizabeth	gedoop 29.8.1754
Matthys Johannes	gedoop 1.8.1756
Samuel Jacobus	gedoop 18.2.1759
Frederik Coenraad	gedoop 15.3.1761
Hermina Christina	gedoop 27.3.1763
Zacharias Joseph	gedoop 14.10.1764
Gerhardus Petrus	gedoop 17.5.1767
Dina Johanna Adriana	gedoop 17.5.1767
Jan Dirkse Cornelis	gedoop 9.7.1769
Judith Petronella	gedoop 20.1.1771

Die kinders van Matthys en Maria de Beer

Uit die doopregisters blyk dit dat Frederik en Maria se kinders onder die trekboere in die omstreke van Colesberg was. Hierdie veeboere het in tye van droogte die Oranjerivier oorgesteek om tydelik weiding vir hulle vee te soek. Dit het nie lank geduur nie of hulle het in Transoranje begin agterbly. Die meeste van dié mense het uit die distrik Colesberg en die noordelike wyke van Graaf-Reinet gekom.

Interessantheidshalwe noem ek dat Johannes Nicolaas, gedoop 29.12.1799, die grootvader was van Diederik Arnoldus en Nicolaas Johannes de Beer aan wie die plaas Vooruitzicht behoort het waarop diamante in 1870 ontdek is. Die De Beers Maatskappy is na dié twee broers vernoem.



Posisie van die trekboere teen 1840 "oorkant die grens" (Oranjerivier)

DIE VIERDE GESLAG

Frederik en Johanna de Beer

Frederik en Maria de Beer se derde seun Frederik Coenraad, gedoop 20 Oktober 1792 te Graaf-Reinet, is getroud met Johanna Catharina van den Berg, gedoop te Paarl op 6 Oktober 1793. Sy was die dogter van Jacobus van den Berg, getroud met Johanna Catharina Vermeulen.

Na die troue het Frederik en Johanna hulle agter die Sneeuberge in die Graaff-Reinetse distrik bevind. Hulle het sewe seuns en een dogter gehad.

DIE KINDERS VAN DIE VIERDE GESLAG

Frederik Matthys Jacobus	gebore 11.8.1811
Jacobus Coenraad	gebore 26.10.1813
Barend Petrus	gebore 18.3.1816
Roelf Adriaan	gebore 1.1.1819
Matthys Johannes	gebore 11.6.1820
Pieter Zacharias	gebore 15.4.1822
Johannes Ignatius Nicolaas	gebore 15.11.1827
Johanna Catharina Sophia	gebore 11.10.1832

Die kinders van Frederik en Johanna de Beer

Volgens die doopregister is dit duidelik dat Frederik en Johanna, hulle getroude kinders en ander familie soos die Van den Bergs en Vermeulens jare lank oorkant die grens van die Kaapkolonie in Transoranje gebly het. Die doopregister toon dat toe Frederik en Johanna se seun Jacobus Coenraad en sy vrou hulle dogtertjie Engela Francina op 4 Oktober 1841 laat doop het, die kind se grootouers, Frederik en Johanna de Beer, die doopgetuies was.

Inskrywing in doopregister

Johanna is op 24 Desember 1842 "oorkant die grens" oorlede toe sy 49 jaar oud was. Die sterfte is op 16 Maart 1843 op Colesberg aangemeld deur haar seun Jacobus Coenraad.

Die sterfkennis van Johanna Catharina Sophia de Beer

Na Johanna se dood het Frederik hom by sy oudste seun Frederik Matthys Jacobus, getroud met Catharina Elizabeth Vermeulen, aangesluit.


Frederik Coenraad de Beer en sy swaer Guilaume Christoffel Vermeulen het na die slag van Boomplaats in Augustus 1848 (waarin onder ander twee De Beers gesneuwel het) besluit om met hulle gesinne na Transvaal te trek. Hulle het koers gekies Magaliesberge toe en uiteindelik by die groep Voortrekkers op Elandspoort (ongeveer waar Burgerspark in Pretoria vandag geleë is) aangekom.

In 1853 het Frederik Matthys Jacobus de Beer en sy skoonvader Guilaume Christoffel Vermeulen die plaas Hartebeestpoort (die huidige Silverton) om die helfte gekoop. Die De Beers en Vermeulens se verbintenis met Hartebeestpoort het tot 1874 gestrek toe hulle die plaas verkoop het.

Die grasdakhuisie wat in 1848 op Hartebeestpoort gebou is, het behoue gebly, en dit is op 5 November 1975 deur die staatspresident dr. N. Diederichs as die Pioniers-opelugmuseum in Silverton, Pretoria, geopen.

Frederik Coenraad de Beer, die vierde stamvader van hierdie geslagslyn, is ongeveer 1860 oorlede en is op Hartebeestpoort begrawe.

GESLAGSKETTING VAN VIER GESLAGTE DE BEER IN SUID-AFRIKA



X beteken "getroud met".

Op die foto onder is die grasdakhuisie op Hartebeestpoort (die huidige Silverton in Pretoria) wat tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.

Die huisie is in 1848 gebou en het bestaan uit 'n kombuis, voorhuis en twee slaapkamers. Later is nog 'n kamer aan die westekant aangebou. Miershope en grond is gebruik om die dik kleimure van te bou, en die vloere is van fyngestampde miershoop gemaak wat gereeld met beesmis gesmeer is.



Pioniershuis in Silverton

Sedert die opening van die huisie as nasionale gedenkwaardigheid word die terrein waarop dit staan, veral op Nuwejaarsdag, gebruik as 'n bymekaarkomplek van Afrikaners en hulle vriende, en dan heers daar 'n blymoedige atmosfeer en word tradisionele speletjies soos sakreisies, kussingslaan en jukskei gespeel. Daar word brood in die bakoond gebak en oral op die terrein is groepies wat gesellig saam vleis braai. Hier en daar het mense hulle kitare, trekklaviere en ander instrumente saamgebring en opgewekte musiek klink deur die lug.

DIE VYFDE GESLAG

Matthys en Maria de Beer

Frederik en Johanna de Beer se seun Matthys Johannes, gebore 11 Junie 1820, is in 1843 getroud met Maria Adriana Vermeulen, gebore 31 Januarie 1825. Sy was die dogter van Guillaume Christoffel Vermeulen getroud met Johanna Wolfaart. Matthys se broer Frederik was getroud met Maria se suster Catharina. Twee broers De Beer was dus met twee Vermeulen-susters getroud.



Matthys Johannes de Beer



Maria Adriana de Beer

Matthys en Maria het die plaas Garsfontein, wat aan Hartebeestpoort grens, gekoop en hulle daar gevestig. Dit moes teen ongeveer 1860 gewees het,

negentiende eeu in Suid-Afrika. Interessantheidshalwe word 'n afdruk van die transportakte van Garsfontein ook geplaas.

Matthys en Maria se oudste seun, Frederik Coenraad, is volgens 'n verhaal wat in die familie vertel word, op twee en twintigjarige leeftyd deur swartes vermoor toe hy saam met ander boere na gesteelde vee gaan soek het. Soos uit die lys name van kinders gesien sal word, is daar na sy dood weer 'n seuntjie gebore aan wie die naam Frederik Coenraad gegee is. Dié gebruik van naamgewing was nie ongewoon in daardie jare nie.



**Hendrik Johannes de Beer en sy vrou
Amarentia Margareta (gebore Snyman)**

OPGELEID DOOR
DE VILLIERS & DE KOCK,
TRANSPORT UITHAKERS.

Acte van Transport, No. 338.

UIT KRACHT VAN EENE PROCURATIE.

Zij het kennelijk aan allen wien het aangaat;

DAT ABRAHAM AGATHOS DE KOCK, gecompureerd is voor mij, Registrateur van Acten voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, de gezegde ABRAHAM AGATHOS DE KOCK, zijnde behoortijk daartoe gemachtigd bij *Eene speciale procuratie aan hem verleend door* 1. Mattheys Johannes de Beer, 2. Guillaume Christoffel de Beer, 3. Jacobus Conrad de Beer, 4. Hendrik Johannes de Beer, 5. Barond Petrus de Beer, 6. Frederik Conrad de Beer, 7. Andries Johannes Vermeulen, 8. Andries Keyns, en 9. Andries Johannes Verdoorn

godutoerd den 26^{sten} dag van Februari 1898 en opgesteld te

Pretoria in de tegenwoordigheid van

en gecertificeerd door twee bevoegde getuigen, welke Procuratie aan

mij op heden werd vertoond: en de gezegde ABRAHAM AGATHOS

DE KOCK verklaarde dat medenaal zijne voormelde principelen met

eengekomen zijn het hem toebehoorende, resteerend ge-

deelte van zeker gedeelte der plaats Gaisfontein, No. 428

district Pretoria, te verduelen zoodat gezegde (Hendrik

Johannes Verdoorn is, het verdelende een: (1) Mattheys Johannes

de Beer tot het gedeelte A, (2) Hendrik Johannes de Beer tot het gedeelte B, (3) Guillaume Christoffel de Beer

tot het gedeelte C, (4) Andries Johannes Vermeulen tot het gedeelte

D, (5) Frederik Conrad de Beer tot het gedeelte E, (6) Hendrik

Johannes de Beer tot het gedeelte F, (7) Barond Petrus de Beer tot het gedeelte G, (8) Jacobus Conrad de Beer tot het gedeelte H en (9) Andries Keyns tot het resteerend

gedeelte, alle volgens kaarten en onder de voorwaarden

zoals ten volle ongeschreven en uitdrukkelijk in

de Acte van Verdeling d.d. 26^{sten} Februari 1898.

Zoo is het dat hij, de Compurant, in zijne hoedanigheid voormeld bij

deze Acte verleent en transporteert in volen en vrijen eigendom aan

en ten behoeve van

Hendrik Johannes de Beer

Exequuten, Exequuten, Administratoren of Gemachtigden, zeker

gedeelte van het resteerend gedeelte van

gedeelte der Eigendomsplaats

Gaisfontein No. 428

alleen in het district Pretoria, bevattende, vermeld ge-

deelte No. 13 en 14 van de roeden volgens kaart van land-

meting d.d. 16^{den} April d.d. 1897, met recht tot een onder-

werpen van de volgende servituten te acteren: Het water van de

fontein d.d. 16^{den} April d.d. 1897, met recht tot een onder-

werpen van de volgende servituten te acteren: Het water van de

fontein d.d. 16^{den} April d.d. 1897, met recht tot een onder-

werpen van de volgende servituten te acteren: Het water van de

fontein d.d. 16^{den} April d.d. 1897, met recht tot een onder-

werpen van de volgende servituten te acteren: Het water van de

fontein d.d. 16^{den} April d.d. 1897, met recht tot een onder-

werpen van de volgende servituten te acteren: Het water van de

den eigenaar van gedeelte 8, zes dagen van den eigenaar van gedeelte D, zes dagen van den eigenaar van gedeelte E, en drie dagen van den eigenaar van gedeelte 9, zittende ieder het recht hebben bedoelde water te leiden in de waterlopen naar hunne landem en moeten alle vier zorg dragen in het schoonhouden van fonteynen en dam en zullen de eigenaren van gedeelten D en 8 niet het recht hebben het waterverkeer te bemiddelen door opengraven van andere water 7 fonteynen. De eigenaar van dit gedeelte 8 zal niet het recht hebben tot water in de afput te putten over het gedeelte 9 voor grond naar het gedeelte 9 zittende dat water geheel ten behoeve zijn van den eigenaar van voormeld gedeelte 8. Voormeld restierend gedeelte met uitzondering van gedeelte 12 daaraan is tenen onderworpen aan het servituit dat Maria Adriana de Beer geb. Vermeylen tot aan haaren dood behouden zal het gebruik van de woning door haar thans geïncorporeerd en het nuchtergebruik en nuchtergebruik van bedoeld restierend gedeelte.

Weshalve de comparant, de gezegde ABRAHAM AGATHIOS DE KOCK renuncieërende al het recht en aanspraak door zijne principalen gezamenlijk voortijds op het eigendom geluid, ten behoeve als voormeld, bijgevolg ook erkennen de gezegde 1 Mattheys Johannes de Beer, 2 Guillaume Christoffel de Beer, 3 Jacobus Conrad de Beer, 4 Hendrik Johannes de Beer, 5 Carend Petrus de Beer, 6 Frederik Conrad de Beer, 7 Andries Johannes Vermeylen, 8 Andries Heyns en 9 Andries Johannes Verdoorn gezamenlijk geheel uit het bezit te zijn van ou niet gerechtigd tot hetzelfde, en dat uit kracht van deze Acte de gezegde

Hendrik Johannes de Beer

zijn Erfgenamen, Excecutoren, Administratoren of Gemachtigden, thans daartoe gerechtigd zijn en voortaan gerechtigd zullen zijn, overeenkomstig plaatselijk gebruik: bovendien belovende het eigendom, aldus getransporteerd, te zullen ontheffen en te waarborgen, alsmede het te bevrijden van alle belastingen en hypotheeken, volgens de wetten: het Gouvernement nochtans zijn recht behoudende, en laatstelijk erkenneude de gezegde comparant, dat zijne principalen deze verdeling gemaakt hebben zonder eenige consideratie door den een aan de anderen behalve dat een ieder zijn bepaald gedeelte krijgt.

In getuigenis waarvan heb ik, de gezegde Registrateur van Acten, te zamen met den comparant 7.9. deze Acte onderteekend en met het ambtszegel doen bekrachtigen.


Aldus gedaan en verriicht ten Kantore van den Registrateur van Acten, te Pretoria, Zuid Afrikaansche Republiek, op den 11^{den} dag van Juni Eén Duizend Acht Honderd acht en Negentig.

In mijne tegenwoordigheid:

Registrateur van Acten.
 Registrateur op het Lands Register van
 Pretoria, Bladzijde 45, op den 21^{den} 189
 189
 Registrateur van Acten.

Matthys is op 21 April 1879 oorlede en Maria op 21 Oktober 1901. Hulle is albei in die familiebegraafplaas op Garsfontein begrawe. Skrywer het in 1974 die ou familiekerkhof langs Garsfonteinweg besoek en die name en geboortedatums op die leiklipgrafstene afgeskryf. Gedurende 1980 is hierdie begraafplaas met die grond gelyk gemaak toe die Menlyn-winkelsentrum op die terrein gebou en parkeerplek vir motors gemaak is op die plek waar die kerkhof was. Die oorskot van diegene wat daar begrawe is, is toe opgegrawe en in die Zandfonteinbegraafplaas naby Brits herbegrawe.

Op die deel van Garsfontein wat in die transportakte as gedeelte G aangedui word, en wat aan Matthys en Maria se seun Barend Petrus bemaak is, is aan die begin van die twintigste eeu 'n dorpsgebied met die naam DE BEERS uitgemeet. Volgens die rekords van die landmeter-generaal (Transvaal) is die opmeting in Maart 1905 deur landmeter D A B Malherbe gedoen, en is die bakens aangewys deur A J Vermooten en B de Beer.



Die dorpsgebied DE BEERS, soos dit op die kaart van Pretoria aangegee is, is in 1964 by die groter Pretoria ingelyf en lê langs die snelweg na die Noorde. Thysstraat is genoem na Matthys Johannes de Beer en Frikkie de Beerstraat na Matthys en Maria se jongste seun Frederik Coenraad, wat sy lewe lank op Garsfontein gewoon het. Met die oprigting van nuwe geboue en die verlegging van strate het van dié name verdwyn.

DIE SESDE GESLAG

Matthys en Anna de Beer

Matthys en Maria de Beer se seun Matthys Johannes, gebore 5 Augustus 1848, is op 8 September 1873 getroud met Anna Magdalena Oosthuizen, gebore 25 Maart 1857. Anna se ouers was Pieter en Johanna Oosthuizen van Witfontein.



Matthys en Anna de Beer

Na hulle troue het Matthys en Anna de Beer op Witfontein in die opstal van Anna se ouers gaan woon. Die ou plaashuis met sy dik kleimure is in 1866 gebou, en Anna het dikwels vertel hoe sy as jong dogter in haar velvoorskoot help klei aandra het om die mure te bou. Die huis is herbou, maar dit word nou (in die jaar 2001) nog as woonhuis gebruik.

Anna se vader, Pieter Cornelis Oosthuizen met sy vrou Johanna en hulle twee dogtertjies Magdalena en Anna, was onder 'n groep boere wat in 1858 uit Ladismith in die Kaap na Potchefstroom getrek het. Enkele jare later, in 1866, het Pieter die plaas Witfontein van twee Van der Merwe-broers gekoop, wat waarskynlik die eerste eienaars van Witfontein was.



Pieter Cornelis Oosthuizen, gebore 15.10.1832

Pieter Oosthuizen is in 1872 oorlede en op Witfontein begrawe. Sy weduwee Johanna is op 3 Junie 1873 weer getroud met die wewenaar Hendrik Vermeulen, die persoon na wie Vermeulenstraat in Pretoria vernoem is. Hendrik was 'n broer van Matthys se moeder Maria Adriana de Beer (gebore Vermeulen) - sien die Vyfde Geslag op bladsy 14. Nadat Johanna met Hendrik Vermeulen getroud is, het hulle na die wyk Gatsrand verhuis, en Matthys de Beer en Anna Oosthuizen wat drie maande later getroud is, het toe in die ou plaashuis op Witfontein gaan woon.

KINDERS VAN DIE SESDE GESLAG

Johanna Maria Catharina	gebore 22-06-1874
Maria Adriana	gebore 24-02-1876
Anna Magdalena	gebore 01-12-1877
Matthys Johannes	gebore 26-07-1879
Pieter Cornelius	gebore 15-05-1881
Magdalena Johanna	gebore 07-07-1883
Frederik Coenraad	gebore 10-11-1886
Gesiena Maria	gebore 21-08-1889
Gileam Christoffel	gebore 25-09-1891
Catharina Elizabeth	gebore 14-10-1893
Johannes Willem	gebore 08-11-1896
Aletta Johanna	gebore 16-03-1899
Jacobus Christiaan	gebore 02-04-1901

Die kinders van Matthys en Anna de Beer

Twee van hierdie egpaar se kinders is op driejarige ouderdom oorlede, naamlik Magdalena Johanna en Johannes Willem, terwyl die jongste, Jacobus Christiaan, in die konsentrasiekamp op Krugersdorp oorlede is tydens die Anglo-Boereoorlog.



Die foto op hierdie bladsy is van die ou plaashuis op Witfontein soos dit in 1974 daar uitgesien het. Langs die huis staan Matthys en Anna se jongste seun Gilieam (toe reeds in sy tagtigerjare) met 'n ou Bybel onder sy arm wat in daardie jaar op die solder van die huis ontdek is. Hy beskryf die plaaswerf toe hy nog in die huis was en sy ouers gelewe het, soos volg:

“Die kweek was kort afgevrete rondom die huis. Langs die gewel aan die westekant het 'n groot seringboom gestaan en by die voorstoep aan weerskante van die trappies wat na die voordeur lei, groot bosse krismisrose. Aan die oostekant van die huis hoë peerbome en 'n entjie verder by die waenhuis 'n ry dennebome. Agter die waenhuis 'n tamaai kastaiingboom en verder suid 'n kol wattelbome by die familiekerkhof. Ongeveer honderd tree van die huis, aan die noordekant, 'n watersloot, en onder drie wilgerbome langs die sloot 'n groot plat wasklip waar die wasgoed gewas is. Onderkant die watervoor 'n klipkraal vir die beeste en verderaan tussen die populierbome 'n groot leidam waarin die seuns van die plaas en hulle vriende Sondagmiddae wanneer die ou mense slaap, baljaar het. Die ou huis met sy ruim vertrekke en dik kleimure. In die mure ingelate ruimtes vir muurkassies waarin ornamente uitgestal is. Die voorhuis met geelhoutbalke en 'n greinhoutplafon, en 'n voordeur van stinkhout wat nog uit die Kaap kom. Die voorstoep met 'n leiklipvloer en om die kant houttraliwerk. Skietgate in die sinkdak van die stoep wat herinner aan die gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902.”

Matthys en Anna het op Witfontein geboer. Hulle het koring gesaai, mielies en tabak en groente geplant en vee en skape aangehou. Nadat ge-oes is, is die produkte met wa en osse Krugersdorp toe aangery waar dit op die mark verkoop is, en soms is die wa vol vrugte, groente, droë perskes, biltong en gebak gelaai en dan is daarmee koers gevat dorp toe waar dit uit die hand verkoop is.

Behalwe die boerdery op die lande het Matthys perde, beeste en skape in die veld gehad en varke, hoenders en ander pluimvee op die werf. Sy belangstelling het veral by die diere gelê, en soggens was hy vroeg by die kraal om te sien dat die koeie gemelk en die kalwers versorg word. Wanneer die diere uit die kraal gejaag is om te gaan wei, het hy soms sy perd opgesaal en na sy bure, swaers Hans, Pieter of Koos Oosthuizen gery vir 'n geselsie.

Aan werksvolk was daar nie 'n tekort op die plaas nie, en al die handewerk is deur hulle gedoen. Daarbenewens het die goudsoekery van dié tyd, waarvan talle kleimsgate op Witfontein vandag nog getuig, genoeg opsiegeelde gelewer sodat Matthys en Anna gerieflik kon lewe.

Anna word onthou as 'n agtermekaar vrou in wie se huis alles altyd reg moes loop. In die spens was 'n houtkis vol brode wat in die bakoond gebak is, en waarvoor sy nooit suinig was nie. Elkeen wat daar aangekom het wanneer die brood uit die oond gehaal is, kon maar 'n sny of twee kry met lekker vars botter daarop, as hy of sy daarvoor lus was. Op haar Sondagmaal was Anna baie gesteld en sy het baie moeite gedoen daarmee. Potgebraaide bees-, skaap- of hoendervlies, sousboontjies of gestoomde droëperskes met 'n degie daaroor was onder die disse wat gewoonlik Sondae voorgesit is. Wanneer kerkbasaar gehou is, was Anna een van die vroue wat baksels beskuit, koek en ander lekkernye vir die geleentheid voorberei het.

Die ouers op Witfontein het gesorg dat hulle kinders 'n deeglike opvoeding kry, en gevolglik het hulle saamgespan en 'n Hollanderonderwyser - ene Vaandrager - gehuur om vir die kinders skool te hou. Hulle leerboek was die Trap der Jeugd waaruit hulle leer lees en skryf het.

By die skooltjie op Witfontein het meester Piet Botha ook musiekonderrig aan die kinders gegee. Matthys en Anna se kinders Anna, Catharina, Pieter, Frederik en Gilieam het almal orrel leer speel, en Frederik en Gilieam het ook geleer om viool te speel.

Op versoek van skrywer het Matthys en Anna se jongste seun Gilieam die volgende versies neergeskryf wat hy in sy kinderdae in die skool op Witfontein geleer het:

*Hy voed de mussen op het dak
de vogelen op twyg en tak
Hy siert het veld met bloem en plant
Uit syne mulde vaderhand*

*De Heer die my so trou behoed
gee my 'n hartjie sag en goed
maak als die engeltjies my vroom
opdat ek in de hemel koom*

*O wy kinderen wy leven
als de vogeltjies bly
want de Heer daar boven
sorg voor u en voor my*

*Van ons alles te geven
word de Heer nimmer moe
Elke dag duisend gaven
strooit Hy vriendelik ons toe*

*O wat rykdom van zegen
Geef die vriendelike God
Mog my hart steeds kleven
Aan Sy woord en gebod*

Matthys was baie lief vir sing. Hy het 'n mooi stem gehad en dit word vertel dat hy die gesangeboek van voor tot agter kon deursing van die note af. Die jongmense van die plaas het baie keer Sondagmiddae by Matthys en Anna se huis bymekaargekom om lekker saam te sing.

Die traporrel wat Matthys, volgens sy dogter Maria, in 1890 gekoop het, is gedurende die Anglo/Boereoorlog van 1899-1902 met toestemming van die owerheid in die konsentrasiekamp op Krugersdorp ingebring, en maanligaande, so word vertel, het baie mense in die kamp om die orreltjie saam psalms en gesange gesing. Die traporrel het vererf na Matthys se agterkleinseun Frederik Coenraad de Beer van Lyttelton, Centurion.

Laasgenoemde is ook in besit van 'n mooi opgepaste greinhoutlaaikassie wat voor Anna se bed gestaan het.

Die vernaamste vervoermiddel daardie dae was wa en osse en kar en perde. Wanneer Matthys met die kar en perde dorp toe of na bure se plaas gery het, het hy gewoonlik sy haelgeweer saamgeneem, want kleinwild was volop en daar was dikwels geleentheid om sommer so van die pad af iets vir die pot te skiet. Die Holland & Holland-dubbelloophaelgeweer van Matthys het vererf na sy agterkleinkind Jan Louis de Beer wat in Augustus 1997 na Vancouver, Kanada, geëmigreer het.

Toe die Anglo/Boereoorlog uitbreek het, is die mans op Witfontein opgekommandeer. Onder hulle was Matthys en sy oudste seun Thys asook sy skoonseun Pieter Nel.



Links voor sit Matthys de Beer, in die middel sy swaer Pieter Oosthuizen en regs sy swaer Jacobus Oosthuizen. Agter in die middel staan Matthys se skoonseun Pieter Nel.

Toe die Anglo/Boereoorlog uitbreek het, is die mans op Witfontein ook opgekommandeer. Op 15 Desember 1899 was hulle saam met die Krugersdorpse kommando by Colenso ingegrawe en gereed om saam met ander kommando's hulle stellings teen die oprukkende Engelse te verdedig.

Teen ligdag het die Engelse met hulle kanonne op die Boerestellings begin losbrand, en gou-gou het rooi stof- en witgrys rookwolke in die lug gehang. Die bombardement is oor die Boere se koppe uitgevoer, want hulle het in loopgrawe naby die rivier lê en wag dat die Engelse binne trefafstand moet kom. In die geveg wat gevolg het, het Matthys 'n noue ontkoming gehad toe 'n makker langs hom doodgeskiet is terwyl hyself 'n skoot deur sy hoed se bol gekry het.

Aan die einde van 1900 is Matthys en sy swaers Pieter en Jacobus Oosthuizen een aand deur Engelse troepe vasgekeer by Wonderfontein naby Bankstasie. Nadat hulle die nag op hulle perde se rûe in die water tussen die riete deurgebring het, is hulle die volgende oggend gevange geneem en na Krugersdorp geneem waar hulle aangehou is. Uiteindelik het Matthys en Anna hulle saam met hulle jonger kinders in die konsentrasiekamp op Krugersdorp bevind. Hulle jongste seuntjie is in die kamp oorlede.

Hoewel Matthys en Anna se huis op Witfontein nie afgebrand is nie, is dit tog geplunder. Volgens oorlewering in die familie het die Engelse troepe die stinkhoutstoele bo-op die geelhouttafel in die voorhuis gepak en dit aan die brand probeer steek. Net die blad van die tafel het geskroei, maar om een of ander rede het die meubels nie vlam gevat nie. Matthys en Anna se veertienjarige seun Frederik Coenraad de Beer (skrywer se vader) en sy broer Pieter het die meubels en ander besittings, waaronder die reeds genoemde traporrel, later met 'n donkiewa aangery Krugersdorp toe waar dit geberg is.

Terwyl hulle in die konsentrasiekamp was, het Matthys 'n paar erwe wat hy op Krugersdorp besit het, verkoop, en sodoende geld in die hande gekry om die lewe in die kamp draagliker te maak.

Toe die oorlog verby was, het Matthys en Anna na Witfontein teruggekeer en begin om die verwaarloosde plaas weer op te bou.

Matthys en Anna se oudste seun, Matthys, is gedurende die oorlog gevange geneem deur die Engelse troepe en na Ceylon verban. Na die oorlog is hy na Suid-Afrika teruggestuur.

In Junie 1901 is Matthys en Anna se twee maande oue seuntjie Jacobus in die kamp dood, en in Oktober dieselfde jaar is Matthys se bejaarde moeder op Garsfontein oorlede.

In 1974 is 'n Bybel in swartdruk, wat in 1836 uitgegee is, op die solder van Matthys en Anna se huis op Witfontein gevind (sien bladsy 22). Die Bybel het aan Anna se ouers, Pieter en Johanna Oosthuizen, behoort. Voor in die Bybel is die geslagsregister van hulle kinders opgeteken. Tussen die blaaie van die Bybel is daar twee briewe wat gedurende die oorlogstyd aan Anna se moeder Johanna geskryf is. Sy was toe reeds met Hendrik Vermeulen getroud (sien bladsy 22). Een van die briewe is gedurende die oorlog, naamlik op 6 April 1900, deur Anna se broer Jacobus Oosthuizen aan sy moeder geskrywe. Die kommando waarvan hy 'n lid was, was op daardie tydstip op Glencoe in Natal. Die ander brief is kort na die vrede-sluiting op Vereeniging deur Anna se suster Magdalena van Springbokfontein af geskrywe op 16 Junie 1902.

Die bladsye van die brief van Magdalena het op die voue geskeur van ouderdom, en gedeeltes daarvan het ongelukkig verlore geraak. Op die volgende bladsye verskyn nietemin 'n fotostatiese afdruk van Jacobus en Magdalena se briewe.

Die stinkhoutstoele en geelhouttafel waarvan op bladsy 27 melding gemaak is, het Matthys kort voor die uitbreek van die oorlog gekoop van twee broers Neethling wat uit die Kaapkolonie in Transvaal kom smous het met meubels van duursame hout, en pragtig geskilderde ossewaens. Drie van die stinkhoutstoele wat Matthys by hierdie geleentheid gekoop het, is vandag in die besit van 'n agterkleinkind van hom - Frederik de Beer en sy vrou Linda van Centurion.

Matthys se Bybel met leerbeklede buiteblaaie en 'n geelkopersluiting het vererf na 'n kleinkind Pieter Grobler van Kensington, Johannesburg. Hy is reeds oorlede en daar kon nie vasgestel word in wie se besit die Bybel vandag is nie.

Springbokfontein
16 de Junie 1902.

Aan De
Weduwe
Johanna Vermeulen.

Zeer Geliefde Moeder

Na een zeer lang
stilzwijgen neemt ik wederom de
gelegenheid, om u enige regels toe
te zenden. Wat wij die nog hier
van gezondheid aandeelt is
alles wel door de goedheid
leeren. Een wester u wat
heid aan betreft het zelfde
Mijn Man en kinderen
Pieter en Danie is allen
reeds op de 14 de April.
ontvang ik een brief van
Zoon Jan. Hy is on-
de Camp naby Durban, hy
ziek geweest door de Inasie
gelukkig weer beter. Mijn

Man. Pieter en Danie is toen op
12 de Mei van Umbilo Camp ver-
zonden op een schip naby Durban.
toen heeft het met hen nog goed
gegaan, later heb ik nog geen
tyding van hen gekregen, maar
ik hoop toch dat ze nu spoedig
naar huis zal terug keeren.

Mijn huis is al
 zes maanden geleden afge-
 zit nu in de wagen hier
 toch kan ik de Heere nu
 vaak genoeg - wezen dat ik
 thuis gebleven heeft.
 Lieve Moeder, ik wenschte u

met de zo lang gewenste
 die toch langer laats ge-
 heb, ik hoop dat wij nu an-
 en rust kan leven.

Al mijne lotgevallen gedu-
 de laatste tijd is te veel om
 te te schrijven, want het is
 te veel om te vertellen.

Zal ik maar liever voor
 ... tot sluiten, met
 wenshende dat deze u
 bijeen gezondheid moge aanbrengen
 met de andere familieleden hier
 gaat het nog alles goed en wel
 Zoo gelooft mij,
 Uw, liefhebbende Dichter.

Magdalena J. Grey

glen co

Re 6 April 1900

дон-мъ въ лицъ де маа ма

Der mein Herr

lei de ma wat nu gezond heid aan betref-
nog niet door den zegen des heer en om ik
wens om het zelf de van ma ook te hooren
ij het an dergis dan zal het nu ihu har te
leut woe zen lei de ma ma wies by ~~ma~~ me
het ik neets om te gheeff ma ma dit is
heir by ons nu stet de trae Res wat heir nu
by ons was het te ruyg ge treck ni weet ik
ni wat mi de Plan is weet ik nei lei de ma ma
dit is nu reg tag guaar in ma taal ang
by ge nof hos in klee ren in ang by n
vake at de way in ing het tude maal
pleen tag kerke van another ten

te ge dag te kom waar is mij vrouw en
kinders in de meest beoefens in zins ter
daar bij ons. in de neng dat tijt mij voren
in mij. Richard heul in dat kom de ge dag
te wat is alre de tog nu zal ik meer schij
net schrijdingen be deed ons in me om
in de hand van ons de de heeren in zigt
te te elken dag mij ge groot in der lating
ge de van *off* O vest hui zen

nu nu niet en laet is al de ander de me
ke gaan het en goet nu zeg groet nu
al te de me de dag nu


Iemand wat voor "oom Thys de Beer van Witfontein grootgeword het" en saam met hom in die Anglo-Boereoorlog geveg het, naamlik Sarel van den Berg van Brandvlei, die buurplaas, het sy herinnering aan Matthys soos volg meegedeel:


"Toe ek my verstand gekry het, het oom Thys de Beer op Witfontein gewoon. Daar het ook gewoon oom Jan van der Merwe en Koos, Hans en Piet Oosthuizen.

Oom Thys was 'n waardige en geërde man. In die oorlog was hy onverskrokke. Hy het aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem totdat die Engelse soldate in Junie 1901 aangekom het. Op die slagveld, tydens die slag van Colenso, is drie van sy makkers om hom doodgeskiet. In hierdie geveg het 'n koeël van die vyand deur sy hoed se bol gegaan, maar gelukkig is hy nie getref nie. Hy was al 'n bejaarde man gewees, en die laaste deel van die oorlog het hy in die konsentrasiekamp deurgebring.

Toe die burgers jonger as 55 jaar na die oorlog weer bewapen is, was oom Thys net ergerlik omdat sy naam nie op die lys verskyn het nie van die manne aan wie gewere uitgedeel moes word. Op 'n vraag van kommandant Piet de la Rey hoe oud hy op sy laaste verjaardag was, het hy geantwoord: 16 jaar. 'n Geweer is toe ook aan hom uitgereik."

Op 16 Julie 1922 is Matthys Johannes de Beer in die ouderdom van byna 74 jaar op Witfontein oorlede. Na sy dood het Anna in haar huis bly woon. Haar seun Pieter en sy vrou het by haar gebly. Anna Magdalena de Beer (gebore Oosthuizen) is op 12 Maart 1935, 'n paar dae voor haar agt en sewentigste verjaarsdag, op Witfontein oorlede. Matthys en Anna is albei in die familiekerkhof op Witfontein begrawe.





Kaart waarop Hartebeestpoort (Silverton), Garstfontein (Garsfontein), Witfontein, Brandvlei en ander omliggende dorpe aangetoon word.

DIE SEWENDE GESLAG

Frederik en Hester de Beer

Matthys en Anna de Beer se seun Frederik Coenraad, gebore 10 November 1886, is op 5 Junie 1907 met Hester Susanna van den Berg getroud. Sy het op die naby geleë plaas Brandvlei grootgeword en was die dogter van Johannes en Elizabeth van den Berg. Haar grootouers aan vaders- en moederskant was die eerste bewoners van Brandvlei. In die bylae agter in die boek word meer vertel van hierdie pioniers.



Frederik en Hester de Beer

Frederik, gebore 10 November 1886 en Hester, gebore 16 Februarie 1887, is by dieselfde doopplegtigheid in die NG Kerk op Potchefstroom gedoop. Hulle ouers het met wa en osse Potchefstroom toe gery, en die doopdiens is direk na die Nagmaaldiens gehou. Douvoordag Maandag is die waens ingespan en het die Nagmaalgangers een na die ander vertrek, terug na hulle plase toe.

Die Trap der Jeugd en die Bybel was die vernaamste leerboeke in die skole, maar musiek en sang het ook 'n belangrike plek ingeneem. Sowel Frederik as Hester het die traporrel bespeel wat Frederik van sy ouers ge-erf het, en Frederik het ook viool gespeel.

Vroeg in sy lewe het Frederik 'n potjie geloop met sy Hollander-onderwyser - ene Vaandrager - wat glo 'n streng man was en die seuns in die skool dikwels afgeransel het. Toe meester Vaandrager een Saterdagmiddag onder 'n boom op die plaas aan die slaap geraak het nadat hy te diep in die bottel gekyk het, het Frederik, wat net die vorige dag weer deurgeloopt het, besluit die tyd is geleë om bietjie wraak te neem, en met 'n karwats in die hand het hy na Meester gestap en hom goed gelooi. Daarna het hy op sy perd gespring en die veld in gery waar hy die res van die dag deurgebring het. Daardie aand het sy vader hom 'n deftige loesing gegee.

Die voorblad van die Trap der Jeugd wat hieronder afgebeeld is, verskyn in Centenary Album: Pretoria's First Century in Illustration deur S P Engelbrecht.



As jong seun het Frederik gehelp met die werk op die plaas, soos beeste oppas, koeie melk, waterlei, skoffel, osse inspan, hout kap, water aandra huis toe van die fontein af, en vele meer take.

Gedurende die Anglo/Boereoorlog het die opgeskote Frederik saam met sy moeder en broers en susters in die konsentrasiekamp op Krugersdorp beland. In die kamp het hy gehelp om water van die fontein in die vlei na die kamphospitaal te bring. Vir tydverdryf het hy en die ander seuns in die kamp albaster gespeel. By geleentheid het Frederik en sy ouer broer Pieter van die kampowerheid toestemming gekry om van hulle besittings met 'n donkiewa van Witfontein na Krugersdorp aan te ry waar dit geberg is.

Hester was die tweede jongste dogter uit 'n gesin van nege dogters en twee seuns. Maar kom ons laat Hester self haar *Skatkis van herinnerings* - soos sy dit genoem het - uitpak om meer van haar kinderjare, grootword-jare en die jare daarna te verneem, soos sy dit aan skrywer vertel het by haar tagtigste verjaarsdagviering:

“Ek is op die ou familieplaas Brandvlei gebore en het daar grootgeword. In die sinkgeboutjie langs die pad het meester Piet Botha ons geleer lees en skryf. Sommige van die versies wat hy ons geleer het, kan ek nou nog onthou:

*Nimmer moet ik ledig wezen
Alles doen met lust en vlijt
Bidden, leren, schrijven, lezen
Spelen, werken heeft zijn tijd.
Vader kan het ook niet velen
Dat de tijd verwaarloost gaan
Lui zijn zegt hij is tijd stelen
En ons leven is zoo kort.*

en die gebedjie: *Ik ga rusten, ik ben moe
Sluit Gij mijne oogjes toe
Here, houd ook deze nacht
Weder oven mij de wacht
Bese dat ik heb gedaan
Sie het Here toch niet aan
Skoon mijn sonde velen zijn
Maak om Jesus wil my rein¹*

¹Versies weergegee soos Hester dit in haar eie handskrif opgeteken het

Speeltye by die skool het ons dogters klip-klip gespeel, en soms het ons saam met die seuns ellierous of koljander, koljander so deur die bos gespeel. Smiddae het ek en my susters met die huiswerk en koskook gehelp. As daar beskuit of brood gebak moes word, het ons baie vroeg opgestaan om die groot skottel deeg te knie en vuur in die oond te maak, sodat dit witwarm kon wees wanneer die deeg gerys het en die brood of beskuit in die oond gesteeek moes word. Die oonddeur is dan met klei toegesmeer en na anderhalfuur was die baksel gaar.

Moeder het ons ook geleer om met die naald te werk. Voordat jy nie netjies met die hand kon werk nie, mag jy nie jou hand aan die masjien sit nie. Sy was streng, en as sy gereken het jy brou, word die werk eenvoudig losgetrek en jy moes dit maar weer oordoen.

Die vloere van die huis is tweemaal per week met beesmis gesmeer. party vertrekke het papiervloere gehad, en by die drumpels was dit met vrugtepitte versterk om nie uit te trap nie.



Skrywer by die waterval op Brandvlei

Die mure van die huis is gereeld een maal 'n jaar afgewit. Hiervoor het ons wit en geel klei by die waterval op die plaas uitgehaal, dit met water gemeng en met 'n stuk skaapvel aan die mure gesmeer.

Ons het ook op die lande gehelp met die plant- en skoffelwerk. Wanneer die koring gesny is, het ons die gerwe aangedra na die miedens toe. As die dorsmasjien die dag kom dors het, was ons baie opgewonde. Na die dorserij het Vader die sakke koring met die wa en osse na Hartley se meule en winkel op Magaliesburg geneem waar koffie, suiker en ander benodigdhede vir die huis daarvoor geruil is.

Saans na ete het Vader die Bybel uitgehaal en dan is daar om die tafel huisgodsdienste gehou. Die bediendes wat nog op die werf was, het ingekom en op die vloer gesit en luister terwyl Vader uit die Bybel lees.

As slapenstyd nader en iemand in die huis voel siekerig, het Moeder die sieke 'n dosis medisyne gegee. Vir hoes of maagpyn was dit 'n mengsel rou lynolie, soetolie, lampolie en terpentyn.

Gedurende die Driejarige Oorlog is ons na die konsentrasiekamp geneem deur die Engelse troepe. Die Sondag toe dit gebeur het, was al die plaasmense, soos gewoonlik, by Oupa Sarel du Toit se huis bymekaar om godsdienste te hou. Na die diens is ons terug huis toe en toe ons op die werf aankom, toe wemel dit van die Kakies. hulle sê hulle het opdrag om ons na die kamp te neem en ons kon slegs die allernodigste goed saamneem. In die bloedige warm son van Januariemaand is ons met wa en osse na Randfontein gestasie geneem, en daar moes ons in oop trokke klim om met die trein na die resieskoerskamp in Johannesburg gebring te word. Ouma Du Toit was reeds hoogs bejaard en kon die gebeure maar nie mooi begryp nie, met die gevolg dat sy telkens van die wa probeer afklim het om terug te gaan plaas toe. Sy is in die konsentrasiekamp oorlede.

KENNISGEVING.

HIERMEDE wordt bekend gemaakt dat, tenzy de mannen tegenwoordig op Commando woonachtig te Krugersdorp of Distrikt, zich overgeven en hunne wapenen overhandigen aan de Imperiale Autoriteiten op of voor **20 Juli, a.s.**, hun geheele eigendom geconfisceerd zal worden en hunne families zullen uit hunne huizen gedreven worden hulpeloos en zonder huisvesting.

Op last,

G. H. M. RITCHIE,

Kapt. K Horse,

Dist. Supt. Police

Krugersdorp, 9 Juli, 1900.

My susters en ek het gewas en gestryk vir die onderwyseresse wat in die kamp skoolgehou het. Die loon was een sjieling en ses pennies (vyftien sent in vandag se geld) vir 'n dosyn wasgoed wat nie gestywe is nie, en twee sjielings (twintig sent) vir 'n dosyn gestyfde wasgoed.

Ons het baie honger gelei in die kamp en moes ver loop om rantsoene te kry, en dan moes ons lank toustaan daarvoor. In die kamp is daar elke dag begrafnis gehou. Die kissies is opmekaar gepak en ons het agter die lykswa - 'n wa deur muile getrek - gestap na die kerkhof toe.

Dit was 'n blye maar ook treurige dag toe die mans begin terugkom het van die oorlog af. Daar was mans wat na hulle familie kom soek het, en dan moes hulle verneem dat hulle vrouens of van hulle kinders dood en begrawe is. Na vrede gesluit is, het die Engelse ons met muilwaens teruggeneem plaas toe. Baie moedeloos moes ons op die vernielde en verwaarloosde plaas met sy afgebrande woonhuis weer 'n begin maak.



Frederik en Hester de Beer

Sowat vyf jaar na die Driejarige Oorlog is ek met Frederik de Beer var Witfontein getroud. Met die nagmaalsviering op Krugersdorp in April 1907 he ons onder troue gestaan, dit wil sê die ja-woord was gegee, en daarna het ek aan die werk gespring en my trourok gemaak.

Op Dinsdag 5 Junie 1907 is ek en Frederik getroud - eers voor die magistraat en daarna in die kerk. Albei seremonies op dieselfde dag natuurlik. Ons is met kar en perde van Brandvlei af na Krugersdorp geneem, vergesel van 'n aantal perdekarre waarmee die familie en ander gaste gereis het.

Na die troue is ons terug plaas toe - 'n perderuiter met 'n blou-en witvlag omhoog het voor in die optog gery. 'n Paar honderd tree van die plaashuis af is die troukar ingewag deur 'n groep perderuiters wat ons na die huis begelei het. Onder 'n ereboog van wilgertakke kwistig met veldblomme versier deur het ons die huis binnegestap en ons plekke onder 'n lowerkrans ingeneem waar ons gelukgewens is. Daarna het die gaste gesmul aan die lekker boeregeregte wat voorgesit is.

Na ons troue het Frederik en ek 'n tyd lank by my skoonouers op Witfontein gewoon. Frederik was reeds besig om 'n huis vir ons te bou, maar dit was nog nie klaar nie. Toe die sinkdakhuisie wat bestaan het uit 'n kombuis, voorhuis en twee slaapkamers klaar was, het ons daarin gaan woon. Die huis was oorkant die vlei, omtrent drie honderd tree van my skoonouers se huis af.

Om ons op die been te help, het skoonvader Matthys al die lande dié jaar aan Frederik gegee om te bewerk. Hy het op al die lande ertappels geplant, wat op daardie tydstip 'n hoë prys behaal het. Dit het pragtig op die lande gestaan, maar toe kom die sprinkane en vreet elke groenigheid op wat bokant die grond uitgesteek het. Selfs die bome was sonder blare nadat die swerms verbygetrek het.

Toe ons so tien jaar getroud was, het dit baie moeilik gegaan met die boerdery, en weens sprinkane, droogte en hael was Frederik genoodsaak om die boerdery te laat vaar en op die myn by Robinson te gaan werk. Die volgende paar jaar het ons in 'n mynhuis op Robinson gewoon terwyl Frederik by die goudsmelterij gewerk het. Ons het toe al vyf kinders gehad”.


Toe Frederik en Hester se omstandighede na 'n paar jaar verbeter het, is hulle terug plaas toe en het weer aangegaan met die boerdery.

Om vir 'n groot gesin te sorg, was nie maklik nie, en in die huis was net die noodsaaklikste meubels. Elkeen in die huis moes sy of haar kant bring - ook wat die plaaswerk betref. Smiddae na skool het die seuns in die lande help plant, waterlei, skoffel of oes en saans moes die beeste aangekeer word kraal toe en die koeie gemelk word. Die dogters het met die huiswerk, kook, bak en klere heelmaak en kouse stop gehelp. Die jonger kinders moes saans 'n emmer water vir die nag van die fontein af aandra en sorg dat fynhoutjies ingebring word om die vuur die volgende oggend mee aan die brand te steek.

Die foto's hieronder is op Witfontein geneem



**Frederik en Hester de Beer met hulle seuns
Sarel en Giel agter en Coenie voor**



Frederik se kapkar met Bles en Charlie



Die hoenders word kos gegee



'n Kalfie drink melk uit 'n emmer

Frederik en Hester se kinders is almal op Witfontein gebore en het daar grootgeword. Hulle het op Doornfontein skoolgegaan. Die ouer kinders het met 'n donkiekar na Rodoraskool gery. Smiddae na skool moes die donkies eers aangekeer en ingespan word voor die langsame tog huis toe kon begin. Toe die jonger kinders skool toe is, was daar al 'n motorbus waarmee die kinders vervoer is. Oom Kerneels Vrey van Witfontein het die taak gehad om die kinders soggens skool toe en smiddags huis toe te neem.

KINDERS VAN DIE SEWENDE GESLAG

Mathys Johannes	gebore 16.4.1908
Elizabeth Catharina	gebore 22.7.1909
Johannes Petrus Louis	gebore 20.4.1911
Anna Magdalena	gebore 3.9.1913
Hester Susanna	gebore 14.6.1915
Frederik Coenraad	gebore 7.11.1919
Sarel Francois	gebore 11.12.1921
Johanna	gebore 26.8.1923
Pieter Cornelius	gebore 11.9.1925
Alida Elizabeth	gebore 5.9.1927
Gieliam Christoffel	gebore 17.6.1929
Coenraad Jacobus	gebore 26.5.1932

Die kinders van Frederik en Hester de Beer



Agter: Gieliam, Hester, Hannes, Anna, Sarel, Frikkie

Middel: Thys, Hester en Frederik, Bettie

Voor: Coenraad, Alida, Pieter (Johanna ontbreek)

Die foto hieronder van Hester en haar vyf dogters is geneem toe sy vyf-en-tagtig jaar oud was.



Links na regs: Anna, Bettie, Alie, Hester (moeder), Hester en Johanna

Nadat al die kinders uit die skool was en begin werk het, het Frederik en Hester besluit om 'n deel van hul grond op Witfontein te verkoop sodat hulle geld in die hand kon hê om die Landbanklening op die plaas mee af te los. Dit was in 1942.

Sonder skuld maar ook nie meer so jonk nie het hulle 'n nuwe begin gemaak op hul aangrensende plaas Kraalfontein. Dit het baie werk beteken en gedurende die maande wat gevolg het, het die seuns aan die werk gespring en 'n fontein gegrawe, dam gemaak, tuin aangelê, draad gespan en gedoen wat ook al nodig was. Die landerye is bewerk en na verloop van tyd kon daar weer 'n oes ingesamel word.

In 1948 het Frederik en Hester besluit om op die dorp te gaan woon sodat hulle naby hulle ongetroude seuns kon wees wat in Johannesburg gewerk het. Hulle het besluit om Roodepoort toe te trek - en toe is begin om die plaas op te ruim. Die plaasgereedskap, los goedere op die werf, pluimvee, beeste en alles wat nie saamgeneem kon word dorp toe nie, is van die hand gesit. laastens het ook die kapkar en twee spogperde aan die beurt gekom.

Hieronder is die verkoopkontrak waarvolgens die twee perde en die tuie vir drie-en-dertig pond (sowar R60.00) verkoop is. Frederik het die verkoopkontrak in sy eie handskrif opgestel.

Witfontein
29. Junie 1948

Aans koop Kontrak.

aan gegaan tussen J. L. de Beer en
J. H. Duvenhage twee bruin perde en tuie
vir die som van drie en dertig pond
op afbetaling. Van die eerste twee
maande, twee pond per maand en daar
na vyf pond en die volgende maandel
twee pond en daar na geen maand 0
pond en volgende vyf pond tot dat die klein
bedraald is. Al hoeg 6 besse was nie
mag ver verder word, van die plaas
alhoewel die bedrag betaald is nie.

Gedoen en geteken
op 29 Junie 1948.
verkooper J. L. de Beer
J. H. Duvenhage

Verkoopbrief in Frederik se handskrif

Na enkele weke was alles opgeruim op die plaas, en toe die vragmotor met die meubels en ander besittings gereed was om dorp toe te vertrek, het die plaasvolk met verbystering van die Oubaas en Ounooi afskeid kom neem.

Die plaas is nie verkoop nie maar op Frederik junior en Sarel se name getranspoteer. Ook is 'n aantal meubelstukke in die huis gelaat, want wanneer die dorp vir Frederik te veel geword het, het hy uitgewyk Kraalfontein toe en 'n paar dae daar deurgebring. Ook van die kinders het die ou plaashuis soms as uitvlugsoord gebruik gedurende naweke om bietjie van die gewoel van die stad weg te kom.

Vriendelik van geaardheid en lief vir mense en geselskap het Frederik sommer gou 'n nuwe vriendekring op Roodepoort opgebou. Oorkant die straat was dit ou oom Immelman, en die volgende straatblik oom Woolls, in die straat agter oom Erasmus en in die dorp oom Vorster.

Gedurende die laaste paar jaar van sy lewe, voordat hy deur siekte platgetrek is, het Frederik en oom Vorster gereeld op Sondag, met die hulp van 'n tolk, vir die Swartes op die kleinhoewes in die buitewyke van Roodepoort, kerk gehou. Die werk is gedoen onder aanmoediging van dominee Ziervogel wat toe predikant van die NG-gemeente Roodepoort was.

Op 30 Junie 1954 is Frederik op Roodepoort oorlede. Hy is in die begraafplaas suid van dié dorp begrawe. Hy en Hester het mekaar altyd liefderik "hartjie" genoem. Hulle was 47 jaar lank getroud.

Klein van postuur, fier van houding en onuitblusbaar van gees, het Hester die eensame jare wat voorgelê het, tegemoetgegaan en baie aandag aan haar kinders en kleinkinders gegee. Vir lees was sy baie lief, en as die eensaamheid te groot geword of die verlange te veel geknaag het, het sy die pen opgeneem en haar met skryfwerk besig gehou. Hieronder is 'n voorbeeld van 'n boereraat en 'n gebedjie wat sy geskryf het.

Raad vir Pyn en Remedie K.
 1 Bottel Spierdis 30 Inperiens
 1 Roekie kamfer Skud deus mekaar
 maak die pyn plek nat met 'n Stukkie
 vir hoeë Bloed druk watte
 een Botteltjie rooi Peier
 een prakkie Crum of Parker
 een prakkie engelse Sout. drink drie
 keer per dag in mespunt of in Teelepel
 vol elke more.

Lees my
 Liewe vader u wat my weë in
 hande het, ek wil van more vra
 dat u my van dag die ^{lewe} sal skenk
 as 'n soet geurende roos. nie sonder
 een doringkie nie. Maar u wat
 die Pyn van Dorings ken. Gee u
 net so veel dat ek van dag nie
 blind sal wees vir die frisse
 Skoonheid van die Roos van die
 lewe, wat u my geskenk het nie

Na Frederik se dood het Hester vir die volgende twaalf jaar by haar kinders Pieter en Sarah in Roodepoort-Noord, Sarel en Gertie in Horison, en by Giel en Martha ook in Horison gewoon. Vir die volgende sowat tien jaar het sy, tot haar dood op byna 92 jarige ouderdom, by haar dogter Alie en Roelf Wagenaar in Mayfair-Wes, Johannesburg, gebly.

'n Familiegeskiedenis en geslagsregister van Frederik en Hester de Beer en hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders is deur skrywer uitgegee as 'n huldeblyk aan Hester op haar 90ste verjaarsdag, onder die titel **Frederik en Hester de Beer van Witfontein**.

Hester is op 29 Oktober 1978 oorlede, en sy is langs Frederik in die begraafplaas op Roodepoort-Suid begrawe.

Geslags-ketting

Geslag 1: Matthys Andries de Beer
getroud met Hilletjie Smit

Geslag 2: Matthys de Beer getroud
met Maria van Eeden


Geslag 3: Frederik Coenraad de Beer
getroud met Maria Magdalena v.d. Berg

Geslag 4: Frederik Coenraad de Beer
getroud met Johanna Catharina v.d. Berg

Geslag 5: Matthys Johannes de Beer
getroud met Maria Adriana Vermeulen

Geslag 6: Matthys Johannes de Beer
getroud met Anna Magdalena Oosthuizen

Geslag 7: Frederik Coenraad de Beer
getroud met Hester Susanna v.d. Berg



DIE AGSTE GESLAG

Gieliam en Martha de Beer

Frederik en Hester de Beer se seun Gieliam Christoffel, gebore 17 Junie 1929, is op 7 April 1951 met Martha Magdalena Petronella Knowles, gebore 8 November 1929, in die Nederduitsch Hervormde Kerk op Krugersdorp in die huwelik bevestig. Martha was die dogter van Jan Louis Knowles getroud met Gertruida Lewiesa Johanna Vermeulen van Krugersdorp.



Giel en Martha de Beer

Na hulle troue het Giel en Martha in 'n woonstel in Kensington, Johannesburg, gebly vir twee jaar. Hulle het toe 'n huis laat bou in Randskroonweg, Horison, Roodepoort, op 'n erf wat Giel voor hulle troue gekoop het. Giel het as klerk by die Suid-Afrikaanse Spoorweë begin werk op Randfontein. Hy het deelyds verder gestudeer by 'n korrespondensiekollege en by die Universiteit van Suid-Afrika en daarna tot die vertalersberoep toegetree. Toe hy in Oktober 1986 afgetree het, was hy Assistent-hoof van die Spoorwegtaalburo in Johannesburg.

Martha het as jong meisie by die Ontvanger van Inkomste op Krugersdorp gewerk en na haar troue was sy twee jaar lank tikster by 'n versekeringsmaatskappy in Johannesburg. Sy was ook vyf en twintig jaar lank diktafoontikster by die Johannesburgse Kinderhospitaal - 'n halfdagwerk.

Aangesien skrywer die agste stamvader in die geslagslyn is, vertel ek oor hierdie geslag in die eerste persoon.

My vroegste herinnering is aan my ouma Annie de Beer van Witfontein wat siek in die bed gelê het en aan een van die grootmense gevra het om vir my lekkers te gee uit 'n blik wat bo-op die klerekas in haar kamer gestaan het. Ek moes toe tussen vier en vyf jaar oud gewees het.

As klein seuntjie het my speelgoed bestaan uit 'n stokperd ('n langerige bamboesriet of populierlat), 'n visblikwaentjie ('n visblik aan 'n stukkie lyn) en 'n tolletjietrekker (gemaak van 'n garetol, stukkie kers, stukkie rek en 'n stokkie) en 'n twaksakkie albasters asook dolosse (beentjies in die hakskeen van 'n bees of skaap).

Ons kinders het Sondagmiddae wanneer Vader en Moeder gaan rus het, in die koelte van die groot ou dennebome naby die huis gaan wegkruipertjie of 'n ander speletjie speel. Toe ons opgegroeide seuns was, het ons saam met die ander plaasseuns gaan bosduiwe vang in die prospekteergate op die plaas, vinkeiers uit die nessies tussen die riete in die leidam gaan uithaal, gaan swem in die groot gronddam tussen die populierbome of koes-koes 'n paar turksvye gaan pluk in tant Hester Krugel se turksvylaning.

Nog 'n tydverdryf van ons seuns was om jong kalwers in te span voor 'n ploegwielkar wat ons eiehandig gemaak het. Die jong ossies op die foto (sien bladsy 50) se name was Roman en Hartman. As ons met die speletjie klaar was, het ons die kalwers uitgespan en op hulle rûe probeer ry, maar niemand kon daarin slaag om lank bo te bly nie.

'n Ander tydverdryf was om wippe in die groentetuin te gaan stel vir hase, patryse of fisante. Op pad om dit te gaan doen, het ons met ons ketties jag gemaak op die tortelduiwe in die bome.

Martha het as jong meisie by die Ontvanger van Inkomste op Krugersdorp gewerk en na haar troue was sy twee jaar lank tikster by 'n versekeringsmaatskappy in Johannesburg. Sy was ook vyf en twintig jaar lank diktafoontikster by die Johannesburgse Kinderhospitaal - 'n halfdagwerk.

Aangesien skrywer die agste stamvader in die geslagslyn is, vertel ek oor hierdie geslag in die eerste persoon.

My vroegste herinnering is aan my ouma Annie de Beer van Witfontein wat siek in die bed gelê het en aan een van die grootmense gevra het om vir my lekkers te gee uit 'n blik wat bo-op die klerekas in haar kamer gestaan het. Ek moes toe tussen vier en vyf jaar oud gewees het.

As klein seuntjie het my speelgoed bestaan uit 'n stokperd ('n langerige bamboesriet of populierlat), 'n visblikwaentjie ('n visblik aan 'n stukkie lyn) en 'n tolletjietrekker (gemaak van 'n garetol, stukkie kers, stukkie rek en 'n stokkie) en 'n twaksakkie albasters asook dolosse (beentjies in die hakskeen van 'n bees of skaap).

Ons kinders het Sondagmiddae wanneer Vader en Moeder gaan rus het, in die koelte van die groot ou dennebome naby die huis gaan wegkruipertjie of 'n ander speletjie speel. Toe ons opgegroeide seuns was, het ons saam met die ander plaasseuns gaan bosduiwe vang in die prospekteergate op die plaas, vinkeiers uit die nessies tussen die riete in die leidam gaan uithaal, gaan swem in die groot gronddam tussen die populierbome of koes-koes 'n paar turksvye gaan pluk in tant Hester Krugel se turksvylaning.

Nog 'n tydverdryf van ons seuns was om jong kalwers in te span voor 'n ploegwielkar wat ons eiehandig gemaak het. Die jong ossies op die foto (sien bladsy 50) se name was Roman en Hartman. As ons met die speletjie klaar was, het ons die kalwers uitgespan en op hulle rûe probeer ry, maar niemand kon daarin slaag om lank bo te bly nie.

'n Ander tydverdryf was om wippe in die groentetuin te gaan stel vir hase, patryse of fisante. Op pad om dit te gaan doen, het ons met ons ketties jag gemaak op die tortelduiwe in die bome.

Maar ons het nie net gespeel nie - ons het met die plaaswerk ook gehelp. Houtkap, water aandra van die fontein af vir gebruik in die huis, die beeste in die kraal jaag saans, die koeie melk, is werk waarmee ons seuns gereeld gehelp het. Ons het ook in die groentetuin en op die lande gewerk. Baie middae na skool het ek tougelei wanneer daar geploeg, geplant of geskoffel word. Toe ons groot seuns was, het ons hande ook reggestaan vir belangriker werk soos mielies oes, koring sny, ertjies pluk, ertappels uithaal, bees of vark slag en nog baie ander plaaswerk.



Voor op die ploegwielkar sit skrywer en sy broer Coenie

Op 7 Januarie 1946 het ek op die Suid-Afrikaanse Spoorweë begin werk as 'n klerk op Randfontein-stasie. Ek het ook op Mayfair- en Orlandostasie gewerk voordat ek in 1955 na die Afdelingsbestuurder se kantoor in Johannesburg verplaas is. In 1961 is ek na die Spoorwegtaalburo, 'n afdeling van die Hoofbestuurder se kantoor, oorgeplaas waar die handboeke, regulasieboeke, jaarverslae, dokumente en al die vorms wat deur die Spoorweë gebruik is, in Afrikaans en Engels opgestel, vertaal en laat druk is.

Die Tweede Wêreldoorlog het in 1945 geëindig en daarom was dit nie maklik om werk te kry toe ek in 1946 begin werk het nie. Al die oud-soldate wat uit die leër ontslaan is, het voorkeur gekry waar daar ook al 'n betrekking vakant was. Terwyl die oorlog aan die gang was, het die regering talle beperkings ingestel waaroor die mense glad nie gelukkig was nie. Sekere dae van die week was dit byvoorbeeld verbode om vleis te eet. Sout was nie altyd by winkels beskikbaar nie. Wit mielies en geel mielies is gemeng voordat dit gemaal is, dus was mense verplig om pap van dié mengsel te eet. Broodmeel moes met semels en al gebruik word aangesien dit 'n oortreding was om die semels uit te sif. Petrol was gerantsoeneer en kon net met rantsoenkaartjies gekoop word. Die Afrikaners was op daardie tydstip skerp in twee groepe verdeel - die Afrikaansgesinde groep onder die Nasionale Party was bekend as die Nattes, en die Engelsgesinde groep onder die "United Party" was bekend as die Sappe. By die Nattes se byeenkomste is die Vierkleur gehys en Die Stem gesing en by Sappe s'n is die "Union Jack" gehys en "God Save The King" gebruik. Na bioskoopvertonings moes almal op aandag staan terwyl die Engelse Volkslied gespeel is. Dit gedurende hierdie oorlogsjare dat die leiers van Afrikanerorganisasies summier na interneringskampe gestuur is.

Gedurende 1947 is ek opgeroep vir militêre diensplig in die Rand Light Infantry-regiment. Na 'n jaar in dié regiment is ek na die Spoorweg-en-Hawebrigade - 'n ingenieurskorps van die weermag - oorgeplaas waaraan ek verbonde was tot my ontslag in 1950.

Die eerste jaar het ons ses weke basiese opleiding in die militêre kamp op Potchefstroom gekry en gedurende die daaropvolgende drie jaar het ons elke jaar 'n kamp wat drie weke geduur het, bygewoon. Verder het ons reg deur die jaar elke Maandagaand twee uur lank op parade gegaan, en af en toe naweekkampe gehad.



Hier het ons pas 'n brug oor die Mooirivier op Potchefstroom voltooi

In 1948 het Vader en Moeder van die plaas na Vyfdelaan 33, Roodepoort-Noord verhuis. Ons vier ongetroude broers was toe weer onder dieselfde dak saam met ons ouers. Die troukoors het ons broers kort daarna gepak, en eers is Frikkie en Maud getroud, toe Pieter en Sarah, daarna ek en Martha en laastens Coenie en Anna. Soos vroeër genoem, is Vader in Junie 1954 oorlede en op Roodepoort begrawe.

'n Ou skoolmaat van my - Gerrie van Rensburg - het teen die einde van 1948 'n niggie van hom, Martha Knowles, aan my voorgestel. Ons het verlief geraak op mekaar, en twee en 'n half jaar later is ons getroud. Martha het indertyd as 'n klerk by die Ontvanger van Inkomste op Krugersdorp gewerk. Ek het met die trein en 'n munisipale bus gery wanneer ek vir haar gaan kuier het by haar ouers in Krugersdorp-Wes, waar haar pa ook 'n groentewinkel gehad het.



Martha toe sy twaalf jaar oud was

Martha het haar skoolopleiding in die Krugersdorp-Wes Afrikaans-mediumskool (KWAM) gehad en daarna het sy haar skoolloopbaan voltooi by die Krugersdorpse Tegniese Kollege. Met haar opgeruimde, dartellende geaardheid het sy baie vriende gehad. Haar wye belesenheid het dit vir haar maklik gemaak om kontak te maak met enigiemand met wie sy in aanraking gekom het. Haar liefde vir en belangstelling in kinders was 'n uitstaande kenmerk. As jongmeisie het sy aan die plaaslike Volkspellelaer behoort en saam met haar oud-skoolmaats en vriende meegedoen aan die optredes en toere van die laer.




Martha met haar broer Corrie se fiets



Die Krugersdorpse Volkspelelaer

In November 1950 toe Martha haar mondigwording gevier het, het ons verloof geraak tydens die partytjie wat haar ouers vir haar gereël het by hulle huis in Krugersdorp-Wes. Ek het my akkordeon verkoop om geld te kry om die verloofring mee te koop. Op 7 April 1951 is ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk op Krugersdorp (die ou klipkerk) getroud. Die onthaal is gehou in die Paul Krugersaal in Krugersdorp-Wes.



Giel en Martha de Beer getroud 7 April 1951

Na die onthaal is ons met 'n motor na Johannesburgstasie geneem waar ons 'n trein gehaal het Durban toe vir 'n week vakansie by die see. Terug in Johannesburg het ons in 'n woonstel gaan bly in Kensington, Johannesburg. Martha se niggie Daleen Henning was ons strooimeisie en my broer Sarel ons strooijonker.

Ek het in die kaartjieskantoor van die Spoorweë op Orlando gewerk en Martha het as tikster by 'n versekeringsmaatskappy in Johannesburg gewerk.

Met net die allernodigste meubels het ons na ons troue in 'n woonstel in Kensington gaan bly. Aan dinge soos 'n telefoon, radio of motor kon ons eers baie later dink. Ons het al om die ander naweek ons ouers besoek. Om op Krugersdorp-Wes te kom, het ons met 'n trem na Jeppestasie gery en Om op Krugersdorp-Wes te kom, het ons met 'n trem na Jeppestasie gery en na die bushalte by die stadsaal en die laaste vyf kilometer met die munispale bus gery tot by Krugersdorp-Wes.

Toe ons in Horison gaan woon het, was dit baie makliker om vir ons ouers te gaan kuier, en vir hulle om na ons toe te kom. 'n Paar maande later het my ouers ons 'n geldjie in die hand gestop wat ons gehelp het om 'n tweedehandse motor te koop, en met 'n eie huis en eie motor het dit goed met ons gegaan.

Op 30 Oktober 1954 is ons oudste seun Frederik Coenraad in die Queen Victoria-kraaminrigting in Johannesburg gebore, en op 30 November 1956 is ons jongste seun Jan Louis by ons huis in Horison gebore.



Margate-strand 1958 - Jan sit by my en Frederik sit by Martha.

As 'n werknemer van die Suid Afrikaanse Spoorweë het ons teen kwartprys met die trein gereis na enige stasie waarheen ons wou gaan, en een maal 'n jaar het ons 'n vrypas gekry waarmee ons per trein na enige bestemming in die Republiek van Suid-Afrika kon reis sonder dat dit ons 'n sent gekos het. D Van hierdie kwartprys-konsessie en jaarlikse vrypas het ons terdeë gebruik gemaak om die verskeie stede en strande in ons land te besoek.

Die gebruik dat 'n groep personeel van 'n kantoor of organisasie by geleentheid saam gaan eet by 'n hotel of restaurant, het ook gegeld toe ons nog gewerk het. Interessantheidshalwe is hieronder 'n afdruk van die spyskaart van die ete wat die Johannesburgstasie-eetkamer, wat algemeen bekend was as die Bloukamer, aan ons voorgesit het in November 1962. Let daarop dat die volledige ete net 65 sent gekos het.



Spyskaart

BESTEL 'N GOEBE WYN OM AAN 'N GOEBE ETE REG TE LAAT GESKIED

JOHANNESBURG STASIE-EETKAMER
65c MIDDAGETE 65c

Dik wortelsop

—

Krummelkoningklipvis

—

Piekelvis

—

Spaghetti en gemaalde vleis

—

Gekookte hoender met wit sous en groenertjies

—

Gebraaide beeslendestuk en peperwortelsous

—

Prei, kool, gebakte pampoen

Gekookte en gebraaide aartappels

—

Koud: Southeesvleis, beestong, sult, skaapvleis

—

Slaai: Tamatie, beet, aartappel, lemoen

—

Karamelvla

—

Perskes en roomys met framboossous

—

Kaas — Beskuitjies

Dessert

Koffie

— — — — —

23 November 1962



567

J. J. van der Merwe

M. J. van der Merwe

G. J. van der Merwe

R. J. van der Merwe

A. J. van der Merwe

In 1963 is ek as vertaler aangestel, en my salaris was toe R2,575.00 per jaar. In 1974 - met twee seuns op universiteit - was dit R6000.00 per jaar. Op Toe binnelandse pos was die tarief 2c per brief, en 'n koerant het net 'n paar sent gekos.

ons kinders klein was, het skoonma Gertruida elke week vir ons 'n appelkas groente uit skoonpa Jan se winkel met die trein gestuur. Bo-op in die kas groente was daar gereeld vir elke seun 'n speelgoedkarretjie en 'n persentjie vir Martha, byvoorbeeld 'n stukkie wit boerseep van tant Miena Delport se kooksel. Skoonpa Jan het 'n trollie en perde gehad waarmee hy groente en vrugte van die mark op Krugersdorp af aangery het na sy groentewinkel en waarmee hy op sekere dae van die week gaan smous het in die dorp.

Op sosiale gebied was ons meelewend en het deelgeneem aan baie dinge wat in ons plaaslike gemeenskap aangepak of aangebied is. Martha was 'n offisier in die Voortrekkerkommando, 'n lid van die Vroue Landbou-unie, 'n lid van die Vrou-en-moederbeweging, het haar plek vol gestaan in die sustersvereniging van die gemeente, en was veral bedrywig saam met die vroue wat die organiseerders van die Nasionale Party en later die Konserwatiewe Party onder dr. Andries Treurnicht bygestaan het. Beide Martha en ek was aktief betrokke by die bedrywigheide van die Volkswag onder prof Carel Boshoff. Ek was korrespondent van die ATKV-tak op Roodepoort en later sekretaris daarvan, was lid van die Roodepoort Kommando en het op die bestuur van die Nasionale Partytak en later dié van die Konserwatiewe Partytak op Roodepoort gedien.

In ons vrye tyd het Martha baie gelees, klere gemaak, in die blomtuin gewerk, iets lekker gebak, musiek geluister of vir 'n vriendin gaan kuier. Ek het my besig gehou met grassny, tuinwerk, genealogiese navorsing en veral orrelspeel. Ons was lief vir dans en het dikwels saam met 'n groep van ons vriende 'n dansklub besoek.

Ondertussen het ons twee seuns hulle skoolloopbane en universiteitstudies voltooi en is getroud, Frik met Linda Keulder en Jan met Liz Kotze, en met die kinders uit die huis, het Martha en ek 'n nuwe fase in ons lewe binnegegaan. Met dankbare harte oor al die seëninge wat ons van Bo ontvang het, het ons uitgesien na wat die toekoms vir ons inhou.

In die jare wat gevolg het, het ons lekker vakansies gehou. Met die vrypas wat ek op binnelandse vlugte gekry het, het ons na Kaapstad gevlieg of Windhoek, George, Oos-Londen, Port Elizabeth en Upington. Daar aangekom het ons 'n motor gehuur en die mooi plekke en besienswaardighede van elke omgewing besigtig. My broer Coenie en sy vrou Anna het saam met ons op dié vakansies gegaan. Ons het ook soms saam met my swaer Michael Knowles en sy vrou Connie per motor by 'n kusoord vakansie gehou of saam met my suster Joahna en haar man Stoffel in die wildtuin of op hulle plaas Branddraai in die Oos-Transvaal naby Blydepoort. Van die binnelandse oorde is Rustenburgkloof nog steeds ons gunsteling uitspanplek.

Tussen 1978 en 1985 is vir ons vyf kleinkinders gebore. Frik en Linda se dogter Marliane en seuns Gieliam Christoffel en Matthys Andries, en Jan en Liz se seun Gieliam Christoffel en dogter Hanelize.

Van 1953 tot 1990 het Martha en ek in die huis gewoon wat ons laat bou het op 'n erf wat ek in 1948 in Horison gekoop het. Die foto hieronder is geneem kort voordat ons dié huis in Randskroonweg 11 verkoop het en na 'n aftreeoord op Randfontein verhuis het.



In 1986 het ek na 41 jaar diens by die Suid-Afrikaanse Spoorweë met pensioen afgetree. Martha het dieselfde tyd opgehou werk by die Kinderhospitaal in Johannesburg waar sy vir 25 jaar lank diktafoontikster was. Die volgende paar jaar het ons dit baie geniet om by die huis en by mekaar te wees. Ons het ons mooi tuin nog mooier gemaak en rondgery om ons kinders, familie, vriende en kennisse te besoek, en genoeg tyd gehad om 'n liefhebber te beoefen. Martha was veral lief vir lees en kleremaak en ek het my met werkies in die tuin, genealogiese navorsing of orrel-, trekklavier- en kitaarspeel besig gehou.

In Maart 1991 het ons ingetrek in die kleiner huis wat ons in Randpoort Renaissance Sekuriteitsoord laat bou het. Om na byna veertig jaar se verblyf op 'n dorp te verhuis na 'n ander dorp, bring 'n groot omwenteling in 'n mens se lewe mee, maar ons is gelukkig hier en verlang selde terug na Roodepoort.

Ons het die uitdaging aanvaar om 'n nuwe tuiste te skep, die tuin uit te lê en bome en struike te plant, en na 'n paar jaar het ons nuwe plek pragtig gelyk.



Ons seuns het hulle teen hierdie tyd goed gevestig in hul werk en het elkeen 'n gesinnetjie gehad. Sowel Frik en Linda as Jan en Liz het hulle eie huise in Lyttelton, Verwoerdburg (vandag Centurion) gehad, en al ons kleinkinders was in dieselfde skool - die Louis Leipoldt Laerskool. As grootouers was Martha en ek trots op en dankbaar vir ons kinders en kleinkinders. Pretoria en Randfontein is nie ver van mekaar nie, en ons het mekaar gereeld besoek.

In die Republiek van Suid-Afrika het daar steeds meer klagtes van swart mense opgegaan sover dit landsake betref. Die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling het al meer in die soeklig van wêreldregerings en die Verenigde Volke Organisasie gekom, en groot druk is op die regering uitgeoefen en sanksies teen Suid-Afrika toegepas om die regering te dwing om die swart mense van die land 'n groter sê in die regering te gee, met al die gevolge wat dit vir veral die blankes meegebring het.

Die Nasionale Party-regering het vervolgens 'n beleid van magsdeling met ander volke in die land aangekondig, wat daartoe gelei het dat 'n ANC regering in 1994 onder Nelson Mandela aan die bewind gekom het in Suid-Afrika.

Op 'n dag het ons seun Jan dus vir ons kom sê dat hulle dit oorweeg om te emigreer sodat hulle vir hul kinders 'n beter toekoms kan skep. Na hulle 'n paar maande lank die voor- en nadele van so 'n stap oorweeg het, en selfs besoek gebring het aan Kanada, die land waarheen hulle oorweeg het om te emigreer, het hulle ons meegedeel dat hulle besluit het om na dié land te verhuis en hulle moontlik in Vancouver sou vestig. Ons was platgeslaan deur hierdie nuus en die gedagte dat ons ons seun Jan en skoondogter Liz en ons kleinkinders Gieliam en Hanelize miskien nie weer in lewe sou sien nie. Ma Martha het nooit vrede daarmee kon maak dat ons kinders Suid-Afrika verlaat vir Kanada nie.

Op 7 Augustus 1997 het Martha en ek, en Frik en Linda, op die Johannesburgse lughawe van Jan en Liz en Gieliam en Hanelize afskeid geneem. Dit was 'n treurige dag in ons lewe.

Voor hulle vertrek het Jan sy rekenaar aan ons geskenk met die versoek dat ons per E-pos met hulle in verbinding moes bly, wat ons wel gedoen het.

Alvorens ek van hierdie traumatiese ondervinding in ons lewe afstap, haal ek 'n stukkies aan wat Martha op 22 Mei 1998, tien maande na die kinders se vertrek, geskryf het toe ons 'n paar dae by Rustenburgkloof gaan uitspan het:

“Dit is wonderlik saam met Giel hier by Rustenburg Kloof. Heerlike warm dae met net so 'n koel luggie. Ons geniet die warm water in die swembad. Die verskeidenheid voëls wat ons hier sien, is verbasend groot en ek hoop ons sal hulle in ons voëlboek kan identifiseer. Ons het die kloof aangedurf tot waar ons die waterval kon sien en dit geniet om na die kabbelende water oor die wit klippies te kyk en luister. Met dankbaarheid kan ek sê dat waar ek eers (weens my onreëlmatige hartklop) glad nie opdraendes of steiltes kon klim nie, ek dit nou met gemak kan doen. In die middag lees en slaap ons, en Giel speel 'n bietjie trekklavier in die aande. Ons het al baie gestap en ons verwonder aan al die pragtige inheemse bome. Dit is goed om tyd te hê om die natuur te bewonder; dit bring mens weer nog nader aan die groot Skepper wat vir ons alles voorsien het: die bome, die berge, die pragtige voëls - en bo alles, ons saamwees en liefde vir mekaar.

Dit is wat my dan so hartseer maak as die vreeslike verlange na ons kinders en kleinkinders my beetpak, dan gaan dit ook gepaard met 'n vreeslike gevoel van bedruktheid, omdat hulle so vreeslik ver van ons is, en ek hulle nie kan aanraak of in die oë kyk nie - en hoe langer hoe erger word dit. As ons maar meer met Frik, Linda en hulle kinders te doen gehad het. Ek sou meer met ons kleinkinders kon gesels. Chris, die stil ou, ek sou graag met hom wou gesels en hoor van sy ideale en wat ook al! Met die genade van die Here wat my deur gebed tot hiertoe gebring het, en 'n wonderlike man wat my altyd bystaan en ondersteun, glo ek dat dit elke dag beter sal gaan, en ek glo dat ons ons kinders weer sal sien, en ek sê net dankie vir die kontak wat ons met mekaar het deur telefoonoproepe en om briewe aan mekaar te mag stuur met die faksmasjien. Dit bring hulle soveel nader aan ons. Ons het ons kinders en kleinkinders so lief. Bloed is dikker as water! Ek dank die Here nogmaals vir ons kinders en kleinkinders.”

Die volgende naskrif het Martha op 28.6.1998 bygevoeg:

“Ek het die bostaande stukkies laat een nag by Rustenburg Kloof geskryf toe ek so vreeslik verlang het. Dit bly maar moeilik; die pad vorentoe bly vir my so moeilik, en net die Here alleen kan my help om oor die groot hartseer en verlange te kom. Dankie Heer vir U hulp, dankie vir Giel.”

Volgens statistiese gegewens het duisende Suid-Afrikaners die afgelope paar jaar Suid-Afrika verlaat om hulle in ander dele van die wêreld te vestig, en die verlange en hartseer soos hierbo beskrywe, glo ek word in baie ouerhuise in ons land gevoel. Maar die saak het ook 'n ander kant, en billikheidshalwe gaan ek hieronder drie paragrawe aanhaal uit 'n motivering wat Jan voor hulle vertrek na Vancouver geskryf het, waarin hy lig werp op wat hom beïnvloed het om met sy gesin te emigreer.

“Toe ek op 'n dag sowat twee jaar gelede ontdek dat my neef sak en pak na Christchurch in Nieu-Seeland verhuis het, is 'n saadjie geplant wat die gedagte van emigrasie in my kop laat vassteek het. Drie huisbrake later in minder as 'n jaar, en die saadjie het begin wortel skiet. My vrou word ontslaan, en by my werk word ook ek gekonfronteer met rasionalisering en moontlike uitfasering van my afdeling.

Die skoknuus van moontlike emigrasie laat ons naaste familie stom en oorskadu die wroeging waardeur my vrou gaan om haar onbillike afdanking te verwerk. Die breuk van die familieband wat in Suid-Afrika oor nege geslagte strek, blyk onvergeeflik te wees.

Toegerus met die kundigheid en lewenservaring van veertig jaar elk in Suid-Afrika, hoef nie ek of my vrou onself te gering te skat nie. met geloof in God en in onself is ons oorgehaal en in afwagting om soos die trekkers van ouds 'n toekoms vir ons nageslag en onself in die vreemde oop te kap.”

So het dit dan gebeur dat Jan en Liz en hulle kinders hul in Kanada gaan vestig het.

In Renaissance-aftreeoord het Martha en ek ons gewig ingegooi en die Bestuur gehelp om alles vlot te laat verloop. Martha was opsiener oor vyf huisbediendes en het die dae en tye gereël wat hulle by die verskillende huise in die oord moes werk. Ek het by die tuine betrokke geraak en die twee tuinwerkers het in die oggend by my aangemeld om te hoor waar hulle dié dag moes werk en wat hulle moes doen.

Verder het ons meegedoen aan al die bedrywighede in die oord, soos die kerkdienste wat Woensdae in die saal gehou is, verjaardagpartytjies van vriende, 'n bustoer na die Krugerwildtuin, geleentheidsetes deur die vrouekomitee van die oord gereël, die koor wat optree by die jaarlikse Kerssangdiens in die saal, en vele meer. Ek het baie ure daaraan bestee om saamsing-aande vir die inwoners wat belang stel te reël, deur 'n boek met die liedjies wat lekker sing saam te stel en die musiek daarvan met die orrel op kassetbande op te neem. Hieronder is die program wat ek en my musiekvriende vir die oord gereël het op 7 Mei 1998.

SING SAAM LIEDJIE-AAND		
Donderdag	7-5-1998	18h30
Joan van Zyl	orrelspel	
Ons sing saam	Kom dans Klaradyn Vaarwel my eie soetelief As jy my kon volg The French Song	
Dries en Rina van Zyl sing 'n duet	Sprokie vir 'n stadskind Die wapad	
Ons sing verder	Distant Drums Tulips from Amsterdam Hi-Lily Hi-Low Saam met die wa Kolperd	
Susie de Jager Marie Valentyne en Giel de Beer orrel en klavier Ons sluit af met	Klavierspel Die oukraalliedjie Tahiti verre land DIE GOEIE OUE TYD	

Na 'n vrolike en gesellige samesyn op sulke aande het ons tee gedrink, 'n lekkernytjie geëet, en huis toe gegaan. Die volgende maand het ons weer 'n sangaand gehou in die saal.

Na Jan en Liz en Gieliam en Hanelize se vertrek na Vancouver het ons meer tyd saam met Frik en Linda en hulle kinders deurgebring. ons het hulle dikwels besoek en saam opvoerings en konserte in die staatsteater of stadsaal bygewoon.

Jan en sy gesin het intussen 'n huurhuis betrek in Vancouver-Noord, en dadelik begin om ons te oorreed om vir hulle te kom kuier. In Februarie 1999 het ons begin reëlings tref om te gaan kuier. Ek het vry vliegkaartjies vir my en Martha gekry vir die vlug tussen Johannesburg en New York, weens my verbintenis met die SA Spoorweë waarvan die Suid-Afrikaanse Lugdiens 'n onderdeel was. Op die heenreis het ons van New-York na Los Angeles gevlieg en daarvandaan na Vancouver. Toe ons op die 16de Junie 1999 teen vieruur die middag op Vancouverlughawe aankom, het Liz ons ingewag, en Jan het kort daarna van die werk af by ons aangesluit. Dit was 'n blye weersiens - ook toe ons 'n rukkie later vir Gieliam en Hanelize aan die hart kon druk.

Gedurende die sewe weke wat ons in Vancouver gekuier het, het Jan en Liz alles in hulle vermoë gedoen om ons verblyf aangenaam te maak. Die natuurskoon van hierdie deel van die wêreld is aangrypend mooi, en ons was bevoorreg om baie hiervan te sien deurdat Jan en Liz ons per motor na hierdie plekke geneem het, onder andere na die sneeubedekte berge by Whistler waar die baie rykes en persone van koninklike afkoms graag gaan ski. Ons het met die seebus oor die *Indian Arm* - 'n strook see van omtrent tien kilometer wyd gevaar van Vancouver-Noord na Vancouverstad, met die *Sky Train* sowat 80 kilometer ver gery na 'n kleinhoewe in Surrey waar 'n saamtrek gehou is van Suid-Afrikaners wat hulle in Vancouver gevestig het, en met 'n veerboot gevaar na Bowen-eiland waar ons met die motor wat ons saamgeneem het, rondgery het om al die vakansiehuise op die eiland te sien.

Op 24 Julie 1999 is ons vroeg die oggend saam met Jan en Liz en die kinders met die veerboot *Queen of Oak Bay* na Nanaimo op Vancouvereiland waar die stad Victoria, die hoofstad van British Columbia, geleë is. Vancouvereiland is omtrent 500 kilometer lank en 200 kilometer breed, met kleiner eilande

naby wat mens van die boot af sien. Die *Queen of Oak Bay* vervoer 1,466 passasiers, 362 motors en is 140 meter lank. Van Nanaimo af het ons met Jan se motor na Chemainus, sowat 70 kilometer in die rigting van Victoria gery en by besienswaardighede langs die pad stilgehou.



'n Paar dae voor ons terugkeer na Suid-Afrika het Martha en ek 'n grootste vuurwerkvertoning "Symphony of Fire" aangebied deur Kanada, Frankryk en Spanje op die strand by Vancouver bygewoon. Die vertoning was pragtig, en soveel mense het ons nog nie bymekaar gesien nie. Volgens die koerante hier was daar omtrent 300 000 mense op die strand. Ons het nog baie dinge ondervind gedurende die sewe weke wat ons in Vancouver was, en Jan en Liz het geen tyd, moeite of geld gespaar om ons besoek onvergeetlik te maak nie, waarvoor ons hulle innig dankbaar is.

Die laaste aand van ons vakansie het ons afskeid geneem van Vancouver deur met die kabelkar tot bo-op *Grouse Mountain* te gaan en daarvandaan na die derduisende liggies van die stad te kyk. Gielliam het ons 'n "gelykte" op die berg gaan wys waarvandaan 'n kabelkar sneeuplankryers na 'n hoër piek neem om van af te gly.

Bo-op die berg is daar indrukwekkende beeldhouwerke van mense, bere ens. wat uit boomstamme van 500 tot 600 jaar oud gekerf is. Ons het 'n familiefoto van ons De Beers by die beer-beeldgroep laat neem.



Om 11h30 op 10 Augustus 1999 was ons bagasie in die motor gelaai en Jan en Liz en Gieliam en Hanelize het vir oulaas met ons 'n draai deur Stanley Park gery op pad lughawe toe. Na die spanning wat gepaard gegaan het met die klaarmaak vir ons vertrek, het die rukkies in die park ons goed gedoen en weer rustig gemaak. Op die lughawe aangekom, het ons saam koffie gedrink, hartseer afskeid geneem van ons kinders en kleinkinders, en met vlug 172 van Vancouver na New York vertrek waar ons 'n paar minute voor middernag aangekom het. Om 06h00 op 11 Augustus het ons in kamer 905 van die Holiday Inn naby New York-lughawe wakker geword, en uitgerekend dat minder as vyf uur se slaap in die hotel ons 214 dollar (dit is R1284.00) gekos het. Om 08h00 het die bussie van die Holiday Inn ons na terminaal 8 van die lughawe geneem waarvandaan ons vlug na Johannesburg sou vertrek. Donderdag 12 Augustus het ons om 09h00 op Johannesburglughawe aangekom, en was so bly om weer Suid-Afrikaanse grond onder ons voete te voel. Min het ons egter geweet wat vir ons wag in die volgende bietjie meer as twee maande wat voorlê.

Frik het ons op die lughawe kom haal, en op pad na sy huis het ons besluit om by Centurionstad se winkelsentrum stil te hou en tee te drink. Terwyl ons besig was om die kar te parkeer, het Martha 'n ligte beroerte in die motor gekry, en in plaas van tee te gaan drink, het ons dadelik Unitashospitaal toe gery waar sy ondersoek en toetse uitgevoer is. Dr Zaiman het vir Martha, toe sy na 'n rukkies herstel het, huis toe gestuur met die raad: drink een Disprin per dag om jou bloed te verdun. Twaalf dae later het sy weer 'n aanval gehad wat haar in die Morningside-kliniek laat beland het, en terwyl sy in die kliniek was, het sy nog 'n beroerteaanval gehad wat haar finaal geknak het. Martha is op 23 Oktober 1999 oorlede, en in die begraafplaas op Randfontein begrawe.

DIE NEGENDE GESLAG (1)

Frederik en Linda de Beer

Gielliam en Martha de Beer se seun Frederik Coenraad, gebore 30 Oktober 1954, is op 14 Februarie 1976 getroud met Linda Keulder, gebore 23 Junie 1953. Hulle woon in Centurion, Pretoria, waar Frederik 'n professor is aan die Universiteit van Suid-Afrika. Linda is 'n kleuteronderwyseres by 'n skool vir leergestremde kinders. Hulle het een dogter en twee seuns, naamlik:

KINDERS VAN DIE NEGENDE GESLAG (1)

Marliane	Gebore 01.03.1979
Gielliam Christoffel	Gebore 25.10.1980
Matthys Andries	Gebore 03.03.1983

Die kinders van Frederik en Linda de Beer



Frederik & Linda de Beer

DIE NEGENDE GESLAG (2)

Jan en Liz de Beer

Gieliem en Martha de Beer se seun Jan Louis, gebore 30 November 1956, is op 23 Februarie 1980 getroud met Elizabeth Rencia Maria Kotze, gebore 16 November 1955. Hulle het op 7 Augustus 1997 na Kanada geïmmigreer en hulle in Vancouver gevestig. Jan beklee 'n betrekking by die welsyndepartement in Vancouver en Liz gee klas in pottebakkerie by verskeie ontspanningsentrums in dié stad. Hulle het 'n seun en dogter, naamlik:

KINDERS VAN DIE NEGENDE GESLAG (2)

Gieliem Christoffel	Gebore 10.01.1983
Hanelize	Gebore 11.07.1984


Die kinders van Jan & Liz de Beer



Jan & Liz de Beer

DIE TIENDE GESLAG DE BEERS IN SUID-AFRIKADie kinders van Frederik en Linda de Beer**Marliane de Beer****Chris de Beer****Andries de Beer**

Die kinders van Jan en Liz de Beer



Gieliam de Beer



Hanelize de Beer

BYLAES

Gedurende my navorsing, wat oor etlike jare gestrek het, het ek baie inligting ingewin wat uiteindelik nie wou inpas in die skema wat gevolg is met die saamstel van hierdie familiegeskiedenis nie. Omdat dié informasie interessant kan wees of waarde mag hê vir baie wat die boekie lees, het ek besluit om dit in bylaes by te voeg en enkele feite oor die plek van herkoms van die stamvader, die familienaam DE BEER, die familiewapen, ens te gee.

Die skrywer

BYLAES

Bylae 1	Plek van herkoms van die stamvader	80
Bylae 2	Die familienaam	80
Bylae 3	Die familiewapen	81
Bylae 4	Verbintenis met die pionierhuis-opelugmuseum	82
Bylae 5	Spore van De Beers in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika	82
Bylae 6	Briewe in 1900 en 1902 geskryf	83
Bylae 7	Drie geslagte De Beers op Witfontein	83
Bylae 8	Brandvlei	84
Bylae 9	Voorgeslag van die agste stammoeder	90
Bylae 10	Meer oor Giel en Martha de Beer	93
Bylae 11	Dagboek van 'n emigrant (geskryf deur Jan de Beer)	106

BYLAE 1

Plek van herkoms van die stamvader

Hieronder kortliks iets meer oor die plek van herkoms van stamvader Matthys Andries de Beer. 'n Uitgebreide bespreking oor dié saak verskyn in die DE BEER-FAMILIE - DRIE EEUE IN SUID-AFRIKA¹ en elkeen wat meer hieroor wil weet, kan gerus hierdie publikasie wat by die naslaanafdeling van groot biblioteke beskikbaar is, onder oë neem.

Volgens die boeke van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie het Matthys Andries de Beer van Lubeck in Laer Sakse gekom, terwyl die huweliksregister sy plek van herkoms aangee as Wase. Hoewel talle navorsers oor die jare baie tyd daaraan bestee het om te probeer bepaal waar die plek of gebied Wase geleë is, en lande soos Holland, Duitsland, Switserland, Finland en Swede as moontlikhede oorweeg is, bestaan daar dusver nie sekerheid nie. Die aanduiding is egter dat algemeen aanvaar word dat stamvader Matthys Andries de Beer van Nederlandse afkoms was en dat hy van Holland na Suid-Afrika gekom het.

BYLAE 2

Die familienaam

Die gebruik om 'n familienaam by die doopnaam te voeg, het ongeveer die veertiende eeu ontstaan. Voor die tyd het mense met 'n enkele naam klaargekom. Soos wat die mense meer geword het, het die behoefte al groter geword om 'n persoon meer spesifiek aan te dui, veral wanneer 'n aantal persone dieselfde doopnaam gehad het.

Baie van die vanne wat mense aangeneem het, kan in verband gebring word met hulle beroep of hulle geboorte- of woonplek, of is afgelei van hulle vaders se name. Sommige vanne het as byname begin wat op die fisieke of karaktereienskap van die draer geslaan het, maar daar is ook dié vanne wat afgelei is van huisname of huistekens wat mense voor hulle wonings aangebring het.

¹Die De Beer-Familie Drie eeue in Suid-Afrika deur David W de Beer en Jaleen de Beer.

Vir die Germane was die beer die koning van die diere en 'n afbeelding van 'n beer is dikwels as huis- of herbergteken gebruik. Die gewoonte het toe ontstaan om 'n persoon 'n bynaam te gee wat aan sy huisnaam gekoppel was. Sulke byname het vasgegroeï aan die doopname en is op die kinders oorgedra - dus het dit vanne geword.


Daar word algemeen aanvaar dat die familienaam *De Beer* een van die vanne is wat aan 'n huisnaam ontleen is.

BYLAE 3

Die familiewapen

Familiewapens het in die middeleeue ontstaan as simbool van die adellikes. Langsamerhand het die gebruik na meer groepe in die samelewing uitgebrei, en in sommige lande het dit omtrent elkeen naderhand vrygestaan om 'n wapen te hê. Hoewel die besit van 'n familiewapen byna mode geword het, het die aristokratiese karakter daarvan tog nooit heeltemal verlore gegaan nie.

Volgens Pama¹ is die De Beer-wapen, soos afgebeeld hieronder, in 1945 ontwerp uit bestanddele van ander De Beer-wapens.



¹ Pama C. Die Wapens van ou Afrikaanse Families, AA Balkema, Kaapstad, 1959.

BYLAE 4

Verbintenisse met die Pioniershuis-opelugmuseum

In die geskiedenis van die vierde stamvader, naamlik Frederik Coenraad de Beer getroud met Johanna Catharina van den Berg, is genoem dat twee van hulle seuns getroud was met twee susters - die dogters van Guillaume Christoffel Vermeulen - en dat laasgenoemde en sy oudste De Beerskoonseun saam die plaas Hartebeestpoort om die helfte gekoop het. Op die deel van die plaas wat aan Vermeulen behoort het, was die hartbeeshuisie gebou wat in 1975 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.

In 'n boekie van 52 bladsye onder die titel *Pretoria se Pioniershuis - sy tyd en sy mense* - wat by die Pioniershuis-opelugmuseum verkrygbaar is, word interessante inligting oor die De Beers en Vermeulens op Hartebeestpoort verstrek, en belangstellendes kan dit gerus lees.

BYLAE 5

Spore van De Beers in die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika

Interessantheidshalwe volg enkele gebeurtenisse waarby De Beers betrokke was in die vroeë dae, soos opgeteken in die verskeie bronne wat geraadpleeg word wanneer 'n mens genealogiese navorsing doen.

Op 25 Maart 1659 is ene Jan de Beer, 'n trompetspeler op die skip *PRINS WILLEM*, aan die Kaap oorlede nadat hy daar afgesit is omdat hy siek was. Die 14de Junie 1660 het kaptein Dirck Cornelissen de Beer met sy skip *NAGELBOOM* by die Kaap aangedoen. Omstreeks 1700 het Matthys Andries de Beer hom aan die Kaap kom vestig.

In die reeks *Voortrekkermense* deur GS Preller, kom die volgende vertellings voor:

Zacharias de Beer was getroud met die weduwee van Theunis de Klerk wat by Slagtersnek tereggestel is. Die Slagtersnekgebeure was 'n vername rede waarom baie trekkers van die grensdistrikte uit die Kaapkolonie getrek het.

Onder die 67 man wat saam met Piet Retief na Dingaanstat vertrek het om die traktaat te laat teken waarvolgens die Zoeloes 'n sekere grondgebied aan

die trekkers sou afstaan, was Christiaan de Beer, Jan de Beer, Matthys de Beer en Stefanus de Beer, wat almal saam met Retief vermoor is. Toe die impi's daarna op die trekkers by die Bloukransrivier toegesak het, is nog 'n aantal De Beers vermoor.

Eerwaarde Erasmus Smit, predikant van die Voortrekkers, het dikwels by Zacharias de Beer se tent biduur gehou. Na die Slag van Bloedrivier, op 11 Januarie 1839, het hy uit Psalm 75 gepreek en Sarel Cilliers het die dankgebed gedoen.

Met hierdie paar interessantheide word volstaan, maar daar is baie meer wat opgediep kan word.

BYLAE 6

Briewe in 1900 en 1902 geskryf

In verband met die briewe op bladsy 29, 30 en 31 wat deur Magdalena J Grey (gebore Oosthuizen) en Jacobus Oosthuizen aan hulle moeder Johanna Vermeulen geskryf is tydens die Anglo-Boereoorlog, die volgende verduideliking: Die briefskrywers was die broer en suster van Anna Magdalena Oosthuizen (stammoeder van die sesde geslag - sien bladsy 21), en die kinders van Pieter Cornelis en Johanna Oosthuizen (sien bladsy 22). Na Pieter Cornelis Oosthuizen se dood is sy weduwee Johanna weer getroud met die wewenaar Hendrik Vermeulen (sien bladsy 23).

BYLAE 7

Drie geslagte De Beers op Witfontein

Die stamvader van die sesde geslag, naamlik Matthys Johannes de Beer, het hom na sy troue met Anna Magdalena Oosthuizen op Witfontein gevestig en al hulle kinders is op dié plaas gebore (sewende geslag). Ook die kinders van die agste geslag, waaronder skrywer, is op Witfontein gebore.

BYLAE 8**Brandvlei**

Die stammoeder van die sewende geslag. Hester Susanna de Beer (gebore Van den Berg) - sien bladsy 34 - is in 1887 op die plaas Brandvlei gebore. Hester se grootouers aan moederskant, Sarel Francois du Toit, getroud met Alida Elizabeth Marais, het Brandvlei in 1850 aangelê, en haar grootouers aan vaderskant, Coenraad Jacobus van den Berg, getroud met Gesiena Johanna Kok, het hulle in 1860 op Brandvlei gevestig, en volgens ooreenkoms met Sarel du Toit, die noordelike deel van Brandvlei bewerk. In 'n boekie *Die Brandvlei Sage* deur Jan Vrey en Anton Prinsloo, verskyn interessante nligting oor die vroeë geskiedenis van Brandvlei en sy mense.



Sarel en Alida du Toit



Coenraad en Gesiena van den Berg

Hester de Beer (sewende geslag) se vader was Coenraad en Gesiena van den Berg se seun Johannes Petrus Louis, en haar moeder was Sarel en Alida du Toit se dogter Elizabeth Catharina. Opmerklik van Brandvlei se mense is die besonder hoë ouderdom wat hulle bereik het. Hester se oupa en ouma Du Toit is onderskeidelik op 87 en 89 jaar oorlede en haar ouma Van den Berg op 88 jarige leeftyd. Haar moeder het 82 jaar oud geword en Hester self is op byna 92 jaar oorlede. Ook haar broer en susters het hoë ouderdomme bereik, naamlik: Sarel 91, Alida 94, Gesiena 85, Susanna 85, Cornelia 81 en Elizabeth 80 jaar.

Die name, geboorte- en sterfdatums van die kinders van die twee pioniergesinne Du Toit en Van den Berg van Brandvlei verskyn in bylae 4 van skrywer se boek *Matthys en Maria de Beer van Garsfontein* wat by die naslaanafdeling van groot biblioteke beskikbaar is.

Gedurende die Driejarige Oorlog (Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902) was Hester de Beer as jong dogter saam met haar ouers in die konsentrasiekamp op Krugersdorp, en sy het haar herinnerings aan dié gebeurtenis in eie handskrif soos volg neergeskrywe:

Ek was elf jaar in die driejarige oorlog.
 as kind was dit vir my ook 'n baie swaar
 tyd gewees. My vader was baie siek en
 hy kon nie werk nie. hy het gely aan asma.
 Ons geld het begin op raak toe
 moes die paar dogters met Spring om
 te gaan werk. Ek en my Suster. het
 gewerk vir tien sent op 'n dag. die
 Pelaris was baie skaal gewees die end
 van die maand. Ons het gewas en
 gestryk vir die onderwyse sêre-wat in
 die kamp skool gehou het. Ons het 1/6
 gekry vir 'n dosyn wasgoed wat nie
 gestyf is nie. 2/6 vir 'n dosyn

Om makliker te kan lees wat verder in die nagelate geskrif staan, volg hieronder 'n getikte weergawe van die res. Dit lui:

"....2/6 vir 'n dosyn gestyfde wasgoed.

Daar was nie gras in die kamp nie, alles was doodgetrap. Dit was net
 rooi stofwolke gewees wanneer ons die skoon wasgoed opgehang het
 of in die stysel gestee het. Dan kom die stofwolke dan moet ons dit
 net weer gaan was. Die wasplekke was in die grond gebou - die
 vrouens het elke dag gewas. party keer was daar ook groot rusie by die
 wasbakke, daar was ook altyd 'n poliesman om die vrouens op te pas.
 Meer as een dag dan wou hulle ook maar die poliesman vermoor, want
 wat soek hy daar waar die vrouens moet was, het hulle gesê. Oupa
 (Frederik Coenraad de Beer met wie Hester later getroud is) het ook
 gewerk vir een sjieling op 'n dag. Hy was dertien jaar oud. Hy het die
 kamp gevee, water aangery met 'n mulwa om kondensmelk aan te
 maak - dit was omtrent net skoon water, ag ons was so moeg vir
 kondensmelkwater ons kon dit nie meer inkry nie. Ons het elke dag
 melkkos gemaak want ons was honger. Die meel wat ons gekry het om


brood te bak was galbitter. Wanneer ons te honger is dan neem ons 'n bietjie suiker om die brood te eet. Die suiker het so gestink dit was oneetbaar. Ons het net geel meliemeel gekry, dit was ook oneetbaar. Die vleis het gelyk of dit siek beeste was wat hulle geslag het. Die kos was ook skaars genoeg om 'n week uit te kom. So het ons maar baie honger gely in die kamp. Ons het baie ver geloop om te gaan kos ontvang, dit was 'n baie lang tou om in te staan. Ons het partykeer byna flou geval van moeg en honger. Dit was ook my werk om te gaan tou staan vir kos. Dit was baie swaar om so swaar te dra en so ver te loop. Ons het drie ronde tente gehad om in te bly. Dit was baie vol en beknop. Ons was 'n familie van nege stuks en my ouma met drie weeskinders. Die oorlog was te veel vir haar. Sy is sommer in die begin van die oorlog oorlede in die ouderdom van vyf-en-tagtig jaar. Haar graf lê in die konsentrasiekamp-kerkhof op Krugersdorp. Haar naam was Aldia Elizabeth du Toit. My oupa se naam - Sarel Francois du Toit. Hy was nog een van die voortrekkers, en daar was nog leeuus op sy plaas Brandvlei toe hy daar gekom het.

Dit was 'n blye maar ook 'n treurige dag toe die mans begin inkom van die oorlog af. As kind onthou ek nog hoeveel mans kom soek het na hulle families, dan is die vrou of kinders oorlede. Na die vrede het die Engelse ons teruggebring na die plase. Ons het met muilwaens gery. Baie moedeloos het ons op die ou plase moes 'n begin maak. Daar was geen huis - alles was verbrand en wat nie verbrand was nie, was sonder 'n dak. Ons het buitekant geslaap. Nog minder was daar 'n stukkie gereedskap om iets mee te begin, geen graaf of kruit om iets mee te doen.

Die kinders het baie gesterf in die kamp. Daar was elke dag begrafnis gewees. Die lykwa was 'n wa met ses muile, en die kistsies word opmekaar gepak. Dan gaan ons te voet agter die lykwa aan na die begraafplaas op Krugersdorp. Dit was 'n hele ent om te loop, maar daar was nie iets om mee te ry nie. Dit is maar net 'n deeltjie wat ek self deurgegaan het in die oorlog. Dit is nie 'n storie wat ek van iemand anders gehoor het nie.

Geteken: HS de Beer"

Terwyl Hester de Beer saam met haar ouers en ander gesinslede gedurende die oorlog in die konsentrasiekamp beland het, was haar ouer broer Sarel van den Berg as sestienjarige seun van die begin van die oorlog af saam met die burgers op kommando. Hulle vader Johannes Petrus Louis van den Berg was erg bekommerd oor die toedrag van sake, en hy het op 22 Oktober 1899 die volgende brief geskryf wat vir die nageslag bewaar gebly het:



1899
 Brant vlij den 22 ste october
 waar de kint en kinders ik be-
 vint mij in de de morgen schuld-
 dig om in een brief tot u alle te
 te spreken wat ons aan gaan wij
 zijn nog alle in leven gespaard
 daar wij den heer nocht
 ge noeg voor dan sion sion
 wat mij en het bijzonder aan
 betref mij bors het vóór den
 dag af zoo toe ge trek dat ik nog
 al tijt in die huis sit maar
 ons moet ge loven dat elk huis
 zijn kruis en elk hart zijn
 smart moet dragen lieke

Hierdie brief van twee velle skryfpapier is in die besit van Sarel se seun Stoffel van den Berg van Randgate. Oorgetik, maar met behoud van die spelling, lui die volledige brief so:

“Brant vlij den 22ste october 1899.

Waarde Kint en Kinders, ik bevind my in deze morgen schuldig om in een brief tot u alle te spreken wat ons aangaan. Wij zijn nog alle in

leven gespaart daar wij den heer nooit genoeg voor danken kan, en wat mij in het bijzonder aan betref, mij bors het van Donderdag af soo toegetrek dat ik nog altijd in die huis sit, maar ons moet geloven dat elke huis sinj kruijs en elke hart sijn smart moet dragen. Lieve soon en soonen en broeders ik wens u al een goede morgen van gesontheid naar ziel en ligehaam, ik vertroü dat ü werk in gods naam gezegent mog ütloop, en lieve kinders¹ en getroüwe hant want hij kan en wil en zal ons helpen, en hij, jaa hij alleen. Lieve kinders nog een woord tot troos üt het Woort van god: de heer zeg roep mij aan in den dag der benaäwdheit, ik zal er ü üithelpen. Hendrik hou tog 'n oog oor Sarel, help hem reg waar het noodig is. Ik vraagde broeders - ook die ander die daar is - om naar hem tog niet vergeet, hij is tog nog maar jonk, daar is veel voüten, siet het over. Nu sal ik maar yndig en sluit met de pen maar nooüt met ons verlangende harten. Syt duisentmaal van ons gegroet is.

Liefhebbende vader en moeder en broeder en süsters, Jaa van alle die hier zyn groete aan alle die daar is.

JPL van den Berg en EC van den Berg”

¹Die rëel na “kinders” is uitgewis omdat die brief waarskynlik nat geword het.

BYLAE 9**Voorgeslag van die agste stammoeder****Grant en Martha Knowles**

Die stammoeder van die agste geslag, Martha Magdalena Petronella de Beer (gebore Knowles) - sien bladsy 48 - se grootvader aan vaderskant was Grant Knowles wat op 8 Julie 1889 met Martha Maria Petronella Venter getroud is. Hulle het die grootste deel van hulle lewe in Kampstraat op Potchefstroom gewoon. Grant se ouers was die setlaars William en Elizabeth Knowles. Hy was van Ierse en sy van Skotse afkoms. Hulle het op Kingwilliamstown gewoon.

Soos in die hoofstuk oor die agste geslag genoem is, was Martha se ouers Jan Louis Knowles getroud met Gertruida Lewiesa Johanna Vermeulen op 13 Januarie 1920.



Jan en Gertruida Knowles

Jan Louis Knowles, gebore 13 Oktober 1893, was die seun van Grant en Martha Knowles. Hy het op Potchefstroom opgegroeï en voor sy troue by die proefplaas en 'n meule op die dorp gewerk voordat hy in die myne op die Witwatersrand gaan werk het.

Jan Knowles was in sy jong dae 'n goeie langafstand-atleet, en het met 'n groot silwerbeker gespog wat hy gewen het gedurende die jare wat hy in die myn

gewerk het. Hy het graag vertel van die ker~ toe hy vir Wally Hayward, die latere wêreldmarathonkampioen, geklop het.

Nadat Jan en Gertruida Knowles getroud is, het hulle by Rustenburgweg 98, Krugersdorp-Wes gaan woon. Die gedagte om sy lewe lank vir 'n baas te werk, het Jan nie aangestaan nie, en hy het toe besluit om vir homself te werk. Met 'n trollie en perd het hy begin groente smous, en later het hy sy eie groentewinkel gehad by Rustenburgweg 100, Krugersdorp-Wes. Jan Knowles is na 'n kort siekbed in die Paardekraalhospitaal op Krugersdorp oorlede op 8 Oktober 1962.

Gertruida Knowles (gebore Vermeulen), gebore 10 September 1893, oorlede 18 Junie 1967, was die dogter van Michael Johannes Vermeulen, gebore 10 April 1865, oorlede 21 Februarie 1930, getroud met Anna Elizabeth Klopper, die dogter van Belsasar Johannes Klopper getroud met Anna Elizabeth Broodryk van Christiana.

Michael Johannes Vermeulen se ouers was Cornelis Francois Vermeulen, gebore 7 Februarie 1847, oorlede 14 Februarie 1902, getroud met Gertruida Lewiesa Johanna Uys, gebore 1849 en oorlede 1921.

Cornelis en sy seun Michael is gedurende die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangenis na St Helena gestuur. Soos baie ander van hulle makkers het hulle hul in die kamp besig gehou met die maak van nuttige artikels. Cornelis en Michael het veral kieres gemaak.


Cornelis is oorlede tien dae nadat hy uit ballingskap in sy vaderland aangekom het. Sy vrou Gertruida se ouers en familie was onder die voortrekkers wat die Kaapkolonie verlaat het in die trekgeselskap van Pieter Lafras Uys.

BYLAE 10

Meer oor Giel en Martha de Beer

Giel en Martha de Beer is die agste geslag stamouers in die De Beer-geslagslyn wat in hierdie boek bespreek is. Op aandrang vertel skrywer in hierdie bylae iets meer oor hom en Martha se doen en late oor die jare. Ek vertel verder in die eerste persoon.

Martha het graag vir haar self klere gemaak en sy het, soos meeste van haar vriendinne, baie tyd daaraan bestee om vir haar kinders en later vir die kleinkinders klere te maak of te brei. Hoewel sy selde vir ander persone klere gemaak of gebrei het, het sy dikwels raad gegee en gehelp waar sy kon. Sy het ook graag vir my trui gebrei. Martha was lief vir lees en baie kieskeurig oor wat sy gelees het, met die gevolg dat haar belesenheid aan haar 'n wye kennis oor baie sake gegee het. Sy was 'n mensliewende persoon en kon ewe gemaklik met wild vreemdes 'n gesprek aanknoop. Sy was 'n gewaardeerde persoon onder haar vriende en kennisse, en met sommige van haar skoolmaats het sy tot haar dood kontak gehou deur die telefoon en briewe. Gasvryheid was 'n kenmerk van haar optrede en sy het graag mense onthaal en uit haar pad gegaan om dit vir hulle aangenaam te maak. Tussen haar aandenkings is talle briewe en kaartjies met die strekking van dié een wat ek hieronder weergee:



Ek het van 1946 tot 1961 as klerk by die SA Vervoerdienst gewerk, waarna ek na die Spoorwegtaalburo oorgeplaas is en my loopbaan as vertaler begin het. Tot my aftrede met pensioen in 1986 het ek in die taalburo gewerk en dit baie geniet omdat ons selde onder hoë druk gewerk het en baie tyd gehad het om navorsing te doen. Gedurende die jare wat ek in die taalburo gewerk het, is al die instruksieboeke, regulasieboeke, jaarverslae en alle dokumente wat deur die SA Spoorweë gebruik is, in die taalburo opgestel en in Afrikaans en Engels vertaal. Benewens die werk genoem, het die Spoorwegtaalburo ook talle tweetalige woordeboeke opgestel, onder andere die Elektrotegniese woordeboek, Motorwoordeboek, Sweiswoordeboek, en Spyskaartwoordeboek en nog andere. Deur deelydse studie het ek my verder bekwaam en lid van die Suid-Afrikaanse instituut van vertalers en tolke geword.

		THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF TRANSLATORS AND INTERPRETERS	
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN VERTALERS EN TOLKE		THIS IS TO CERTIFY THAT	
HIERMEE WORD VERKLAAR DAT			
GELIAM CHRISTOFFEL DE BEER			
'n <u>volwaardige</u> lid is van die Suid-Afrikaanse Instituut van Vertalers en Tolke, <u>hy</u> al die lidmaatskapvoorregte geniet en <u>hom</u> verbind het om te alle tye die bepalinge van die beroepskode en die statuts na te kom.		is a <u>full</u> member of the South African Institute of Translators and Interpreters and that <u>he</u> is entitled to all the privileges of membership, and has undertaken to abide by the Institute's professional code and constitution at all times.	
LIDMAATSKAPNUMMER / MEMBERSHIP NUMBER 93			
PLEK/PLACE <u>PRETORIA</u>	DATUM/DATE <u>1981-06-26</u>	 VOORSITTER/CHAIRMAN	 SEKRETARIS/SECRETARY
KWALIFIKASIES/QUALIFICATIONS <u>B.A. (AFR/NDL I EN II)</u>			
BEROEPSKODE VIR VERTALERS		PROFESSIONAL CODE FOR TRANSLATORS	
1. 'n Lid van die Instituut verbind hom/haar telkens wanneer hy/ty werk aanneem, om die werk na sy/haar beste vermoed te doen volgens die hoogste eise van die beroep ten opsigte van noukeurigheid van woorde, terminologiese juistheid, taalkundige en stilistiese versorging en uitspraak.		1. Any member of the Institute undertaking work shall be bound to execute such work to the best of his/her ability in accordance with the highest demands of the profession in respect of rendering, terminological accuracy, grammar, style and pronunciation.	
2. Ten einde hieraan te voldoen, is dit die lid se plig om alle redelike voorsorg te tref en die erkende kontrole-middels toe te pas, bv. die raadpleging van verklarende en vertalende woordeboeke en dokumentasie oor die vak en die inwin van die advies van bevoegde vakbeoefenaars.		2. To this end the member shall take every reasonable precaution and apply all acknowledged means of verification such as the consultation of standard dictionaries, glossaries and documentation on the relative subject, as well as obtaining advice from competent authorities.	
3. Die lid is verder verplig om hom/haar stip te hou aan die ooreengekome tyd en wyse van lewering van die werk.		3. The member shall also be bound strictly to observe the conditions agreed upon as to time and form of delivery.	
4. Ten opsigte van beskdiging vir gelewerde werk laat die lid hom/haar lei deur die voorskryfte van die Instituut, met dien verstande dat dit 'n lid vrystaan om werk uit vriendskap of vir liefdadigheid sonder beskdiging of teen verminderde beskdiging te doen.		4. In regard to payment for work executed, the member shall be guided by the rules of the Institute, provided that a member shall be free to do work for a friend or for charity free of charge or at a reduced fee.	
5. Elke lid verbind hom/haar om niks tot nadeel van 'n medelid of die Instituut te sê of te doen nie.		5. Every member shall undertake to refrain from saying or doing anything detrimental to the Institute or a fellow-member.	
6. 'n Lid mag die uitoefening van sy/haar beroep as vertaler of tolk adverter deur opgewe van sy/haar naam, adres, kwalifikasies, ondervinding en vorige of huidige hoedanighede vir sover dit van toepassing is en deur vermelding van die feit dat hy/ty lid van die Instituut is. Hy/ty mag ook die tale en vakke noem waarin hy/ty spesialiseer. In sy/haar reklame moet hy/ty die see van goeie smaak en beroepseer nakom.		6. A member shall be free to advertise his/her profession as a translator or interpreter by furnishing his/her name, address, qualifications and previous or present positions, in so far as these apply, as well as by stating that he/she is a member of the Institute. He/she shall also be free to list the languages and subjects in which he/she specializes. His/her advertising should be in good taste, and in accordance with the dignity of the profession.	

Gedurende die jare wat ek in die Spoorwegtaalburo gewerk het, het ek 'n aantal gedigte geskryf na belewenisse wat die inspirasie daarvoor gebring het. Martha het die gediggies bewaar, en toe sy dit jare later aan my gegee het om weer te lees, het ek besluit om daarmee 'n digbundeltjie saam te stel as 'n geskenk aan haar op ons dertigste trouverjaardag. Hier volg 'n paar van die gediggies uit **Ruiker vir Marieta:**

Myne

*Bruin-bruin hare
lippies rooi
Blou-blou ogies
ag, hoe mooi
en sy kyk my vriend'lik aan
wil hê ek moet nader staan
Dink ek sal dit tog maar waag
Sy lyk so besonders gaaf*

Verkleurmannetjie

*Om Sondag jou naaste lief te hê
is nie so 'n moeilike taak
Maar om dit Maandag ook te doen
is darem 'n ander saak*

Herinnering

*Ons derde kleine het gekom
en tog is sy nie daar
Sy't nie kon glimlag, kreun of kraai
sy't in haar spoortjies om moes draai*

*'n Boodskap het sy ons gebring
'n boodskap kort en klaar
een wat ons immer moet onthou
diep in ons hart bewaar:
Die mens wik maar God beskik*

In die gediggie *Myne* druk ek die gevoel uit wat by my opgekom het toe ek Martha die eerste paar keer ontmoet het. *Verkleurmannetjie* dui op die geveinsdheid van mense en *Herinnering* het ek geskryf toe een van ons

kleinkinders kort na geboorte oorlede is. Die spotgedig Referendum '83 wat volg, het ek geskryf toe gemoedere onder Afrikaners hoog geloop het in 1983 toe 'n referendum gehou is en blankes moes aandui of hulle saam stem dat die regering moes oorgaan tot magsdeling met die ander volke in die land.

Referendum '83

*Ou vriend gaan staan 'n oomblik stil
moet geen tree verder waag
voor jy eers goed besin het
oor dié akute vraag:*

*Sing jy voor of sing jy koor
stem jy JA of Nee?
Draf jy saam of blaf jy saam
of dink jy vir jouself?*

*Weet jy nog nie wat jy wil hê
luister dan wat die eNPee sê:
"Geskiedenis is wel ons baba
maar ons wil dit nie meer hoor
Ons gaan nie langer daarvoor pa staan
ons is moeg ons gee nou oor*

*'n Grys land met swart kolle
dis wat ons jul gaan gee
Ons is seker al's sal reg loop
hoe kan jul wil sê: NEE?*

*Ons gaan jul 'n verhoging gee
sodat jul nie kan kla
en petrol gaan weer goedkoop word
ons vra net: Stem tog JA*

*Jul gaan ook huissubsidies kry
ons sal jul las help dra
Daarvoor verwag ons enkel dit:
Stem asseblief tog JA*

*Inflasie dié gaan ons bekamp
dis nie te veel gevra.
Vertrou net dat ons dit sal doen
en stem seblief tog JA*

*Ons gaan 'n groot parade hou
van Wit, Bruin, Swart en Geel
ons smeek jul, kom tog asseblief
Kom - neem verseker deel*

*Die werklikheid moet julle sien
aanvaar dit met wat pla
en moet tog nie meer tweedrag saai
Ons vra u: Kom stem JA*

*Magsdeling kan jul dit maar noem
en as jul ons dan vra
of hierdie stelsel ooit kan werk
antwoord ons: JA! JA! JA!*

*Die toekoms kan ons wel nie peil
Ons moet nie redeneer
Ons kinders en ons kleinkinders
kan dinge uitsorteer!"*

*"Nee vriende" sê die KaPee: "Nee!
dié grondwet sal nie werk.
Ek vra julle wees nugter -
Staan vas en wees maar sterk*

*Ons volksheil lê in eie land
Ons kies aparte weë
Ons het geen ander keuse nie
ONS ANTWOORD MOET WEES
NEE!"*

Na Martha se oorlyde het ek tussen haar "bêre"-briewe en -kaartjies 'n briefie van 'n vriendin dr Sann Potgieter van Philippolis gekry waarin sy kommentaar lewer oor enkele van die gediggies in die bundel. Sy het op 26 November 1991 aan Martha geskryf:

Jy is bevoorreg om nog jou lewensmaat by jou te hê te meer die voorreg om reeds veertig jaar saam te lewe, en die beste is nog om sulke mooi poësie (aan jou opgedra) te ontvang!

Die meeste gedigte in hierdie bundel is, uit die aard van die saak, gemoedelike binnekring realisme wat slegs tot één of 'n klein groepie mense spreek. Dit is natuurlik soos hierdie bundel beplan is.

Wanneer ek egter die kwatryn "Verkleurmannetjie" lees, besef ek hier is 'n woordkunstenaar wat ook wyer as net met die binnekring kan praat, soos hy ook doen in die satiriese "Referendum '83". "Herinnering" het my as 'n juweeltjie aangespreek. Hier het ons Poësie waar met net 'n paar onopgesmukte woorde uitgepuurde lewenssmart glim. Hierdie gedig spreek onmiddellik tot 'n baie wye kring! In Marthinus Nijhof se gevelede woorde: "Lees maar er staat niet wat er staat". Agter die sober woorde skuil verydelde drome, diepe smart en gelowige berusting. Dit vertel vir my dat die digter dit sy taak moet maak om kort pittige waarhede in poësievorm aan te bied. Weens die kosbaarheid van tyd in hierdie dae soek die poësieleser kort veelseggende gedigte en het nie meer trek of tyd vir lang gedigte nie. Dus minimum woorde wat maksimum implikasie dra.

Kom gerus aan as julle ooit deur Bloemfontein Kaapse strande toe gaan. Draai by Trompsburg weg en daar is 'n teerpad tot hier en dan sluit julle weer by Colesberg by die groot N3 aan. Dis net 'n 20 kilometer draai.

Boeregroete

(Geteken) Sann Potgieter

Toe die poësietydskrif Ensovoort in 1983 uitgegee is, het ek van die gedigte in Ruiker vir Marieta aan die redakteur, Johann Lodewyk Marais, voorgelê vir publikasie. Hy het onder andere geantwoord: “Ons aanvaar met dank “Nog ‘n dag”, “Verkleurmannetjie” en “Afskeid” vir publikasie in Ensovoort. U kennis van die Afrikaanse taal is bewonderenswaardig en daar is m.i. min in ons midde wat u ewenaar”.

Hier volg twee van die gediggies hierbo genoem, naamlik *Nog ‘n dag* en *Afskeid*. Die inspirasie vir laasgenoemde het ek gekry uit die baie besoeke wat Martha en ek oor jare aan familieleden in tehuise vir bejaardes gebring het.

Nog ‘n dag

*Tring-e-ling dis opstaantyd
die wekker roep weer tot die stryd
Skyn lig tog nie al deur die ruit?
Ek het dan skaars my oë gesluit!*

*Word wakker vrou ons moet al op
maak oop jou oë, roer jou kop
En moet nou maar nie aan my klou nie
Want daarvoor is daar nie tyd nou nie*

*My man die eiers is gebak
jou toebroodjies is ingepak
die koffie is ook klaar geskink
nou moet jy vinnig eet en drink*

*Op ‘n drafstap na die stasie
om die tien voor trein te haal
te gaan arbei vir die nasie
op die akker van ons taal*

*Vinnig aanstryk na die platform
waar die trein sowaar al staan
prrt prrt prrt maan skril die fluitjie
inklim, voor die deur toegaan!*

*Hier lees iemand sy koerant
daar is een wat brei
Skuins oor aan die anderkant
is tweetjies aan die vry*

*“Tickets please, dankie meneer
Thank you, dankie enige meer?*

*“Johannesburg! Stap af seblief
Johannesburg! All change!”
Die roltrap werk weer nie vandag
My skof begin maar skuins*

*Johannes! Bring die koffie
anders kan ek nie werk ...
waarmee was ek laas besig?
Mag, maar die koffie is sterk!*

*Moet dit nou is of was wees
benodig of net nodig?
Ek sal die taal ook nooit verstaan
Is ek nie maar oorbodig?*

*Mens sê jy is op hoogte
maar skrywe op die hoogte
En kom jy daaroor in die hoek
Sê jy: “Ja, maar dit staan in ‘n boek”*

*Die taal sê vinkel en koljander
die ene is maar soos die ander
Kantoorgebruik vereis net vinkel
en na die hoenders met die jander*

*Maar wag, my denke moet nie dwaal
die Volk die wag op vakmanstaal
Ek moet nog heelwat woorde soek
vir hierdie treinry-woordeboek*

*O, gaats! Dis tyd om op te pak -
eers gou gaan hande was*

*Tickets please, u kaart mevrou".
"Wag net wag - ek soek dit gou"*

*"Dave, pak jy al die boeke weg
en sluit maar weer die kas"*

*Soos geitjies uit 'n skeur
loer almal by die deur
Oom Chris, is jou oorlosie reg?
Die tiksters is dan lank al weg!*

Afskeid

*My tyd is om, my werk is klaar
Ek wag om te vertrek
Daar's niks wat my wil laat vertoef
of bind aan hierdie plek*

*Ek reis alleen
En neem niks saam
Hul wag my in
Hul ken my naam*

*Maar ek moet wag - ek word gehaal
my lendene is omgord
vir hierdie entjie vreemde pad
Ek hoop maar net hy's kort*

*Maar voor ek afskeid van jul neem
wil ek een saak herhaal
Ek het dit al vir jul gesê
maar sê dit nog 'n maal:*

*Al is die oortog onbekend
weet ek waar ek gaan land
Ek ken geen vrees of twyfel nie
Ek weet Wie hou my hand*

*Al wat mens ooit op aard besit
is net aan jou geleen
Mens neem gewis niks met jou saam
al gaan jy ook waarheen!*

*Ek weet wie oorkant op my wag -
droom soms ek is al daar
Ag, sal dit tog nie heerlik wees
om gou al oor te vaar!*

Vir die viering van die Groot Trek, honderd en vyftig jaar gelede in 1988, het die Groot Trek-vrouekomitee, 'n subkomitee van die Groot Trekreëlingskomitee, 'n gedenkdagboek uitgegee en vroue aangemoedig om dit aan te skaf en van 1 Januarie tot 31 Desember 1988 dagboek te hou. Ek het een gekoop en vir Martha gegee, en sy het elke dag 'n stukkjie geskryf oor gebeure van elke dag daardie jaar. Voor in die boek het ek op 25 Desember 1987 geskryf: "Aan my liewe vrou Martha - 'n Trekkernasaat - wie se grootvader Michael Johannes Vermeulen en oorgrootvader Cornelis Francois Vermeulen albei as krygsgevangenes na St Helena gestuur was tydens die Anglo-Boereoorlog. Cornelis Vermeulen was getroud met Gertruida Lewiesa Johanna Uys. Haar ouers en familie was onder die Trekkers wat die Kaap-Kolonie verlaat het in die geselskap van die Trekkerleier Pieter Lafras Uys".

Interessantheidshalwe haal ek enkele inskrywings uit Martha se dagboek aan, wat 'n aanduiding gee van ons daaglikse doen en late op daardie tydstop van ons lewe, d.w.s nadat ons met pensioen afgetree het.

"2 Januarie 1988

Begin die dag deur luilekker in die bed deur te bring met 'n boek. Baie warm. Giel maak die tuin nat; ek rangskik blomme en maak vir ons lekker ontbyt (9:30vm). Coenie kom oë wys; ons drink saam tee, maar die hitte word al erger. Giel besluit tot hier toe en nie verder. Voor die winkels sluit gaan koop ons 'n Capillugreëlaar, en ek koop vir my 'n winskopie pers rok vir R20. Gertie, Helene en later Anna en Babs kom kuier. Giel gaan ry teen sononder 'n draaitjie met sy fiets. Ek dink hy geniet dit baie. Hy kom braai vir ons vleis en ons twee eet buite in die tuin - Heerlik!"

"14 Julie 1988

Vanoggend was ek baie besig in die kombuis; ek het koekies gebak en skons. Frik-hulle kom by ons eet vanaand en bring ook die kinders om hier vir 'n dag of twee te kom kuier. Ons het die ete saam geniet en is baie bly dat Chris by ons gaan kuier - Marliane en Andries het nie gebly nie. Chris het vanaand gesê een dag is darem te kort, toe sê sy oupa hy kan maar more besluit en dan sy pa en ma bel en vra om langer te bly."

"14 Maart 1988

Soos gewoonlik trim-gim op 'n Maandag. Daarna kom wasgoed was en vir ons iets te ete maak. Liz drink saam met ons tee. Sy het hulle kar kom haal en ons bakkie teruggebring wat hulle solank geleen het. Die middag sny ek uiteindelik my rok uit. Jan en Liz kom kuier die aand. Ons is baie bly om ons kleinkinders weer te sien. Hanelize baie vaak en raak sommer aan die slaap. Vir Gielliam lees ek 'n storie, en lê toe sommer 'n rukkie by hom. Wat is mooier as twee kleinkinders wat op Oupa en Ouma se bed lê en slaap?"

"10 April 1988

Vanoggend vroeg opgestaan en klaar kos gekook. Maxie en Frik Munnik het kom kuier en by ons geëet. Die middag na hulle weg is, het ons gaan rus. Lulu en Koot kom vanaand by ons kuier. Giel speel nou orrel en ek gaan nou lees."


"29 Julie

Ons het laat geslaap en toe gaan inkopies doen. Vanmiddag gerus want ons het albei bietjie rumatiekpyne. Liz het vir my 'n pragtige ruiker gestuur om dankie te sê omdat ons die kinders opgepas het. Ons wil hulle mos graag hier hê; en ek wens so uit die diepte van my hart dat ons kleinkinders van Pretoria ook hier was".

Op 7 April 1981 was Martha en ek dertig jaar getroud en ek het toe vir haar die volgende liedjie geskryf wat in die bundeltjie gedigte Ruiker vir Marieta verskyn.

MARIETA

woorde en musiek: G.C. de Beer



Ma - rie - ta trou - e le - wens - maat Ek het jou
 Die man het sy be - to - we - ring Vir jou nog
 Die ja - re het ver - by ge - vlieg met ver - skaf



bai - e lief Om - dat jy ju is ja voor -
 nooit ver - loor En as hy sag - gies oor ons
 en ge - woel Al het ons ha - re grys ge -




waar jy is my har - te - dief Oor lang - e
 skyn, kom jy my steeds be - koor Dan druk ek
 word ons lief - de is nie koel Al maak jy



jar - e heen was jy my reg - ter - hand ge - wees
 jou ras aan my hart, wyl ek jou ha - re streel
 my nie die - wel in en ek vir jou soms vies



Met jou gaan ek die toe - koms in Ons saam het
 En wyl ons kyk ver - lei jy my om gou 'n
 Sal ek an ek waar vrou moes vat jou tel - ke



niks te vrees
 soen te steel
 maal weer kies




Ouma Martha en haar kleinseun Chris

Een van my belangstellings van kindsbeen af was om orrel te speel. My vader het die traporreltjie geërf van sy vader Matthys (sien bladsy 26) en van my skooldae af het ek populêre liedjies op gehoor op die traporrel gespeel tot groot vermaak van familie en vriende wat kom kuier het. My vader en my broer Frikkie en my susters Bettie en Hester kon ook goed speel. Toe ek begin werk het, het ek 'n trekklavier gekoop en dikwels saam met 'n vriend wat kitaar speel en een wat banjo speel by huispartytjies opgetree. Later het ek musiekles geneem, note leer lees, kennis van musiekteorie en algemene vaardigheid met instrumente opgedoen. Ek het oor die jare heen baie geld aan musiekinstrumente - elektriese orrels, kitaars en trekklaviere bestee en baie genot uit die maak van musiek geput. Ek doen dit vandag op drie en sewentigjarige leeftyd nog en 'n vriend van my het so pas die musiek wat ek oor baie jare op musiekkassette opgeneem het, op vyf laserplate (CD's) gesit.

Op die CD's is opgeneem: Lekker sing liedjies - 28 snitte, Luister en sing saam (28), 'n Mooi versameling (27), Sweet melodies (29) en Vrolikheid op note (31), dus altesame 143 liedjies.



Houtwerk ook my tydverdryf



**Marmerbeeltjie wat ek van my vader
gemaak het**



Voor my Yamaha-orrel en klavierbord

BYLAE 11

DAGBOEK VAN 'N EMIGRANT*Geskryf deur Jan de Beer***DIE AANLOOP**

Toe ek op 'n dag sowat twee jaar gelede ontdek dat my neef sak en pak na Christchurch in Nieu-Seeland verhuis het, is 'n saadjie geplant wat die gedagte van emigrasie in my kop laat vassteek het. Drie huisbrake later in minder as een jaar, en die saadjie het begin wortel skiet. My vrou word ontslaan en by my werk word ook ek gekonfronteer met rasionalisering en die moontlike uitfasering van my afdeling!

Onseker begin ons die Sondagpers dophou, en lees elke advertensie van konsultante wat hul pond uit voornemende emigrante probeer maak. Uiteindelik skraap ons genoeg moed bymekaar en woon ons eerste "gratis seminaar" by. Gelukkig is ons vroeg want die lesinglokaal in die Sandtonse Biblioteek bars uit sy nate van almal wat op soek is na die beloofde land. Die atmosfeer is gelaai terwyl daar naarstiglik deur ou kopieë van buitelandse koerante geblaai word. Mense gesels onderlangs asof hulle ou vriende is, en so dan en wan breek 'n senuweeagtige laggie deur. Die voertaal is oorwegend Afrikaans.

Die konsultant maak flambojant sy verskyning en geoefend soos 'n charismatiese prediker sweep hy die gehoor vinnig op tot 'n staat van massaverset teen die verval met betrekking tot veiligheid en sekuriteit, swak mediese sorg en gebrekkige diens by hospitale, akademiese instellings en skole wat agteruitgaan, asook 'n ekonomie wat oor 'n donker afgrond balanseer! En dan, as die gehoor in wanhoop verval, sy troefkaart - 'n verlossingsboodskap van die komende paradys. Soos 'n towenaar roep hy beelde op met sy skyfieprojektor en peper hy die gehoor met feite oor die wonders van die Eerste Wêreld wat wag. 'n "Geringe fooi" stel die individu in staat om te weet of hy een van die uitverkorenes is wat sy tasse mag pak.

Tegelykertyd begeesterd en verward verlaat ons die lokaal en wonder of ons die aanbod van 'n 20% afslag vir 'n onmiddellike afspraak moet aanvaar en die uitspraak van 'n voldonge oordeel in die gesig staar. Ons besluit egter dat

ons meer wil weet en ook na ander opsies as Brittanje die VSA en Kanada wil kyk. Twee seminare later en nou ook kundig oor Australië en Nieu-Seeland reken ons die tyd is reg vir 'n persoonlike evaluasie. Die massa belangstelling van vroeër het nou 'n vloedgolf geword en die 20% afslag het intussen verdwyn.

Dit kos ons nou R350.00, net om vas te stel dat dit meer as R20 000 gaan beloop om met die hulp van 'n konsultant na Kanada te emigreer. Ek roep halt en besluit om direk met die Kanadese ambassade te onderhandel.

Die skoknuus van moontlike emigrasie laat ons naaste familie stom en oorskadu die wroeging waardeur my vrou gaan om haar onbillike afdanking te verwerk. Die breuk van die familieband wat in Suid-Afrika oor nege geslagte strek, word gesien as hoogverraad en blyk onvergeeflik te wees.

Een salaris minder en regskoste om 'n skeidingspakket deur die Nywerheidshof te laat afdwing bring soveel finansiële druk mee dat ons, ons woonhuis noodgedwonge in die mark plaas. Soos 'n teken van Bo, kry ons onmiddellik 'n koper wat bereid is om ons prys te betaal, en 'n anker word gelig.

As amptenaar van die staat versleg omstandighede by die werk sodanig dat ek lus voel om my regstellende-aanstelling-Afrikaanssprekende-wit-blanke-vrou-baas te verwurg. Die aanbod van vrywillige skeidingspakkette kom soos manna uit die hemel en ek gryp die geleentheid met albei hande aan.

Die Kanadese ambassade is baie behulpsaam en doen ons voorlopige evaluasie gratis. 'n Emigrasie-visum na Kanada vir 'n gesin van vier kos sowat R10000. Dit is die helfte goedkoper as wat die emigrasiekonsultant jou kwoteer maar vereis dat jy so bietjie werk self moet doen. Alle sertifikate wat nie in Engels beskikbaar is nie moet gewaarmerkte vertaalde kopieë wees - geboortesertifikate, huweliksertifikaat, skool- en akademiese sertifikate, dienspligrekords, polisie-gedragsertifikate, getuigskrifte en so meer. Vir 'n Afrikaanssprekende neem dit twee tot drie maande om al die papierwerk in orde te kry, wat in ons geval lank genoeg was om 'n addisionele R800 by die aanvanklike fooi van R9600 te voeg weens die verswakkende wisselkoers.

Ons begin nou in alle erns kontak opbou deur die adresse van Kanadese en gewese Suid-Afrikaners te versamel wat moontlik van waarde kan wees. Toevallig ontmoet ek 'n jong Kanadese meisie wat agter haar kêrel Johannesburg toe getrek het, naarstiglik op soek na blootstelling aan die bedryf waarin ek werk. Gelukkig kan van my kontakte help en soos die toeval dit wil hê, beoefen die meisie se pa in Toronto ook dieselfde beroep, maar op 'n baie groot skaal. Dit maak die deur na Toronto vir my wawyd oop.

Die eerste fase van die proses om te emigreer is voltooi. Behalwe vir bietjie papierwerk en administrasie is hierdie waarskynlik ook die moeilikste fase, want emosionele grense wat dikwels deur bloed gebind is, is ook oorbrug.

Ons formele aansoek vir 'n emigrasievisum dien tans by die Kanadese ambassade. My aansoek vir 'n vrywillige skeidingspakket is aanvaar en word aan die einde van Desember toegestaan. Ek het nog nie 'n vaste werksaanbod nie maar beplan om in Februarie saam met my vrou 'n maand in Kanada deur te bring waartydens ons werk gaan soek, na die onderwysstelsel sal kyk en die land in die algemeen onder die loep gaan neem. Ons hoop om finaal gevestig te raak tydens die Kanadese somer sodat ons die winter stadig kan binnegaan.

Die laaste anker is gelig en ons blik is reeds gevestig op 'n nuwe horison. Teogerus met die kundigheid en lewenservaring van veertig jaar elk in Suid-Afrika, hoef nie ek ék òf my vrou onself te gering te skat nie. Met geloof in God en in onself en met 'n dik jas vir die koue Kanadese winter is ons oorgehaal en in afwagting om soos die trekkers van ouds 'n toekoms vir ons nageslag en onself in die vreemde oop te kap.

GERAADPLEEGDE BRONNE

- Allen, V, Kruger's Pretoria, AA Balkema, Kaapstad, 1971
- Bockelman, Herta, Brosjure saamgestel oor Matys Andries de Beer en sy kinders, uitgegee deur die Fransie Pienaar Museum, Posbus 109, Prince Albert, 1998
- Boëseken, A, Sosiale Lewe in die Ou Kaap, SAUK-publikasie, 1966
- Bosman, ID en ander, Voortrekker-Gedenkboek, Universiteit van Pretoria, 1938
- Botha, Graham C, Social Life and Customs during the 18th Century, Struik, 1973
- Breytenbach, JH, Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, Staatsdrukker 1969
- De Beer, David J en Jaleen de Beer, Die De Beer-familie drie eeue in SA, uitgegee deur die skrywers, Posbus 14717, Lyttelton 0140, 2000
- De Beer, BK, Agter die Magalies, Postma Publikasies, Fontainebleau, uitgegee 1975
- De Beer, GC, Frederik en Hester de Beer van Witfontein, uitgegee deur skrywer, 1978
- De Beer, GC, Matthys en Maria de Beer van Garsfontein, uitgegee deur skrywer, 1985
- De Villiers/Pama, Geslagsregister van ou Kaapse Families, Balkema, Kaapstad, 1966
- Duvenage, GDJ, Van Tarka tot Transgariep, Academia, Pretoria, 1981
- Engelbrecht, SP, Centenary Album: Pretoria's First Century Illustration, JL van Schaik, Pretoria, 1952
- Grobbelaar, PW, Volkslewe van die Afrikaner, Tafelberg, 1974
- Heese, JA, Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867, Balkema, Kaapstad, 1971
- Heese, JA, Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, deel 1, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1986
- Krige, JDA, Oorsprong en Betekenis van Nederlandse en Duitse Familienamme in die Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien, JL van Schaik, Pretoria, 1934
- Kritzinger, SJ, Rustig vloei die Moreletta, uitgegee deur die Rapportryerskorps van Meyerspark, Pretoria, 1980
- Kruger, DW en ander, Geskiedenis van Suid-Afrika, Nasou Beperk
- Lombard, RTJ, Handleiding vir Genealogiese Navorsing in Suid-Afrika, RGN, Pretoria, 1977
- Malherbe, DF du T, Driehonderd Jaar Nasiebou, Tegniek, Stellenbosch, 1959
- Nathan, M, The Voortrekkers of South Africa, 1937
- Naude, JF, Vechten en Vluchten van Beyers en kemp, Nijgh en Van Ditmar, Rotterdam, 1902
- Nienaber, GS, Afrikaanse Familienamme, AA Balkema, Kaapstad, 1955
- Pama, C, Die Wapens van ou Afrikaanse Families, AA Balkema, Kaapstad, 1959
- Pama, C, Groot Afrikaanse Familienaamboek, Human en Rousseau, Johannesburg, 1983
- Pama, C, Heraldry of South African Families, Balkema, Kaapstad, 1972
- Pama, C, Rietsap's Handboek der Wapenkunde, EJ Brill, Leiden, 1961
- Pelser, AN, Jan van Riebeeck

- Preller, GS, Voortrekkermense, dele 1 tot 6, Nasionale Pers Beperk, 1925
- Pretorius, HS en ander, Voortrekker-Argiefstukke, Cape Times, Kaapstad
- Redelinghuis, JH, Die Afrikaner-Familienaamboek, Publisitas, Kaapstad, 1954
- Rosenthal, Eric, South African Surnames, Howard Timmins, Kaapstad, 1965
- Theal, GM, Geschiedenis van Zuid-Afrika, Maskew Miller, Kaapstad, 1910
- Theal, GM, History of South Africa South of the Zambesi (vol 2), George Allen
- Thom, HB, Die Lewe van Gert Maritz, Nasou Beperk, 1965
- Van der Merwe, PJ, Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)
- Vrey JD en Prinsloo AP, Die Brandvlei Sage, uitgegee deur skrywers, 1995

Artikels en ander bronne

- De Beer, DW, Die Plek van herkoms van Matthys de Beer, Stamvader van die De Beers in Suid-Afrika, Familia no 4, 2981
- Du Preez, S, Die Eerste Bewoners van Kerkplein, Pretoria, Contree no 3, 1978
- Van Oord, LC, Ambagte en Beroepe van 170 Kapenaars soos opgeteken uit Kaapse Argiefstukke (1657-1780), Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal no 3, 1977
- Studie no 7, Die Pioniersopelugmuseum, Silverton, Pretoria, deur K Roodt-Coetzee en Willem Louw, na aanleiding van navorsing gedoen deur Sophia du Preez

Doopregisters

- Transportaktes van Garsfontein en Witfontein